



**Wes-Kaapse
Regering**

Onderwys

**Jaarlikse Prestasieplan
2014/2015 - 2016/2017**

Aantekeninge:

1. Gebruik en vertolking van hierdie dokument

Die WKOD Jaarlikse Prestasieplan (JPP) moet saam met die Vyf-jaar Strategiese Plan (2010 – 2014) gelees word.

Die JPP-dokument word volgens 'n templaar van Nasionale Tesourie uiteengesit. Dit is na 'n templaar vir die onderwyssektor gewysig.

Befondsing vir onderwys word in nege programme verdeel. Elke program word deur nasionale subprogramme gedefinieer, wat aan die begin van elke program gelys word.

Die WKOD wyk in Program 2 en 4 van die sektorbegrotingstruktuur af, aangesien skoolspor by die Departement van Kultuursake en Sport berus. Slegs een subprogram ressorteer onder Program 5 in afwagting op die verskuiwing van hierdie program na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Nasionaal-bepaalde begrotingstabelle (BT'e) word volgens die tersaaklike program genommer. Elke BT het 'n stel finansiële aanwysers. Daar is nasionale aanwysers genaamd "Programprestasiemaatstawwe" en provinsiale aanwysers genaamd "Programprestasie-aanwysers".

Die bylaes bevat ander datatabelle om nasionale beplanning, monitering en evaluering in te lig en verskaf ook standaarde. Die statistiek is vir die sektor as 'n geheel en word daarna in elke onderafdeling verdeel, m.a.w. hoofkantoor (sluit distrikte in); dan alle openbare gewone skole wat verder onderverdeel word in laer- en sekondêre skole, onafhanklike skole, spesiale onderwys, VOO-kolleges, volwassene-onderwys, vroeëkindontwikkeling en hulpdienste.

Let wel dat die 2013/14-syfers in die tabelle aangesuiwerde beramings is.

2. Vertalings:

Afrikaanse en Xhosa weergawes van hierdie dokument is vanaf 30 dae na tertafellegging op die WKOD se webwerf: <http://wced.school.za> beskikbaar.

PR Nommer: PR40/2014
ISBN Nommer.: 978-0-621-42495-9

Vir addisionele afskrifte van
hierdie dokument, kontak asseblief:
Hoof: Onderwys Privaat sak X9114
Kaapstad 8000
Tel: 021 467 2531
Faks: 021 461 3694
E-pos: media1.media1@westerncape.gov.za

Hierdie dokument sal op versoek teen 31
Maart 2014 in Afrikaans, Engels en Xhosa
beskikbaar wees.

Amptelike affekening

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- is deur die bestuur van die Wes-Kaap Onderwysdepartement onder leiding van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap ontwikkel;
- is in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaap Onderwysdepartement voorberei; en
- bied 'n akkurate weergawe van die prestasieteikens wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2014/15 beskikbaar gestel is, te verwesenlik.



Mnr Leon Ely
Hoof Finansiële Beampte



Me Anne Schlebusch
Hoofbeampte verantwoordelik vir Beplanning



Me Penny Vinjevold
Rekenpligtige Beampte

Goedgekeur deur:



Minister Donald Grant
Uitvoerende Gesag

Inhoud

Deel A: Algemene inligting

1	Visie	1
2	Missie	1
3	Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	1
4	Waardes	2
5	Voorwoord deur Minister	2
6	Inleiding deur die Rekenpligtige Beampte	3

Deel B: Strategiese oorsig

1	Skoolonderwys 2025 en die 27 Doelwitte	5
2	Leweringsooreenkoms	5
3	Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)	6
4	Opgedateerde Situasionele Analise	7
4.1	Prestasieleweringomgewing	7
4.2	Organisatoriese Omgewing	12
4.3	Hersiening van wetgewende en ander mandate	14
5	Beplande intervensies en programme	18
5.1	Sektorbegrotingsprioriteite	18
5.2	Provinsiale Planne	20
6	Oorsig van 2014/15-begroting en MTUR-beramings	30
6.1	Uitgaweberamings	30

Deel C: Program- en subprogramplanne

1	Program 1: Administrasie	33
1.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	34
1.2	Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens	36
1.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15	37
1.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15	37
1.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	38
1.6	Prestasie- en uitgawetendense	39
2	Program 2: Openbare gewone skole	41
2.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	43
2.2	Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens vir 2014/15	47
2.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15	47
2.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens vir 2014/15	48
2.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	48
2.6	Prestasie- en uitgawetendense	52

Deel C: Program en subprogramplanne (vervolg)

3	Program 3: Subsidies vir onafhanklike skole	53
3.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	54
3.2	Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens vir 2014/15	54
3.3	Programprestasiemaatstaf- jaarlikse teikens vir 2014/15	55
3.4	Programprestasiemaatstaf- kwartaallikse teikens vir 2014/15	55
3.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	55
3.6	Prestasie- en uitgawetendense	56
4	Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys	57
4.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	59
4.2	Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens vir 2014/15	59
4.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens vir 2014/15	60
4.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15	60
4.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	61
4.6	Prestasie- en uitgawetendense	61
5	Program 5: Verdere onderwys en opleiding	62
5.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	64
5.2	Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens 2014/15	64
5.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15	65
5.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15	65
5.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	65
5.6	Prestasie- en uitgawetendense	64
6	Program 6: Onderwys en opleiding vir volwassenes	66
6.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	67
6.2	Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens	67
6.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15	68
6.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15	68
6.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	68
6.6	Prestasie- en uitgawetendense	69
7	Program 7: Vroeëkindontwikkeling	70
7.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	71
7.2	Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens	71
7.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15	72
7.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15	72
7.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	73
7.6	Prestasie- en uitgawetendense	73

Deel C: Program en subprogramplanne (vervolg)

8	Program 8: Infrastruktuurontwikkeling	74
8.1	Strategiese doelwitte en risiko's vir 2014/15	74
8.2	Strategiese doelwitte en kwartaallike teikens	75
8.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15	76
8.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallike teikens 2014/15	76
8.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	76
8.6	Prestasie- en uitgewetendense	78
9	Program 9: Hulpdienste en verwante dienste	79
9.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15	80
9.2	Strategiese doelwitte en kwartaallike teikens	80
9.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15	81
9.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallike teikens 2014/15	81
9.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	82
9.6	Prestasie- en uitgewetendense	82

Deel D: Koppels met Ander Planne

10	Koppels met die langtermyn-infrastruktuur- en ander kapitaalplanne	83
11	Voorwaardelike toelaes	91
12	Openbare entiteite	95
13	Openbare-private vennootskappe	95

Bylaes

1	Bylae A: Aksieplan tot 2014 en Leweringsooreenkoms-aanwysers (Nasionaal)	96
2	Bylae B: Inligting en aanvullende aanwysers van toepassing op beplanning in die onderwyssektor	98
3	Bylae C: Programprestasiemaatstawwe (Nasionaal) – Tegniiese aanwysers	106
4	Bylae D: Programprestasie-aanwysers (Provinsiaal) – Tegniiese aanwysers	130
5	Bylae E: Akronieme	138
6	Bylae F: Organogram	139
7	Bylae G: Bygewerkte Strategiese Plan	140

Deel A: Algemene inligting

1. Visie

Om geleentheid vir almal deur verbeterde onderwysuitkomst te skep.

Daar word hieraan uiting gegee deur drie oorkoepelende doelwitte:

1. Verbeterde taal en wiskunde in laerskole
2. Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. Vermindering in aantal onderpresterende skole

2. Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te verskaf:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges
- Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) in gemeenskapsleersentrums
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleentheid vir onderwysers
- 'n Geteikende voedselprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemerwelsynsprogram

3. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

Strategiese uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1	Verbeterde Taal en Wiskunde in laerskole
Doelwitverklaring	Prestasie in Taal en Wiskunde moet verbeter sodat leerders teen 2014 soos volg volgens graadnorme verbeter: Graad 3: Taal: 42% van leerders en Wiskunde: 60% van leerders. Graad 6: Taal: 37% van leerders en Wiskunde: 33% van leerders. Graad 9: Taal: 50% van leerders en Wiskunde: 20% van leerders. Uitslae sal deur middel van jaarlikse toetsing gemonitor word en intervensies sal dienooreenkomstig aangepas word.
Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 2	Hoër aantal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
Doelwitverklaring	Om die aantal leerders wat die NSS slaag deur die voorsiening van handboeke, opleiding, bestuur en ondersteuning aan onderwysers te verbeter. Die teikens vir 2014 is 43 000 leerders wat die NSS slaag en 20 400 wat met toegang tot B-grad-studies slaag; 13 200 leerders wat Wiskunde slaag en 8 300 wat Natuurwetenskap slaag.
Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 3	Vermindering in aantal onderpresterende skole
Doelwitverklaring	Afname in onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole: dat 10 skole 'n slaagsyfer van <60% teen 2014 het. Afname in onderprestasie in ander grade, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9.

4. Waardes

- Die allergrootste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe en steunfunksies

5. Voorwoord deur Minister

Die Wes-Kaapse Regering het vier jaar gelede, in November 2009, sy strategiese plan vir Onderwys 2010 – 2019 bekendgestel. Die oorkoepelende doelwit van hierdie plan is om leerderuitkomst in hierdie provinsie te verbeter.

Met die formulering van hierdie doelwit het ons dit duidelik gestel dat daar geen vinnige oplossing vir die verbetering van die gehalte van onderwys in die Wes-Kaap is nie. Dit sou slegs deur middel van 'n volgehoue, gefokusde en stelselmatige benadering wat in lyn met die Jaarlikse Prestasieplan is dat ons die doelwitte sou bereik wat ons vir onself in 2009 gestel het. Die plan het op tien sleutelprioriteitsareas gefokus wat ten doel het om die lewensmoontlikhede van alle leerders in die provinsie deur middel van die voorsiening van gehalte-onderwys te verbeter.

Vier jaar later kan die Wes-Kaapse Regering met vertroue sê dat daar aansienlike vordering gemaak is met die bereiking van die doelwitte om leerderuitkomst in die Wes-Kaap te verbeter. Ons het gedurende hierdie tydperk die kort- en langtermynmaatstawwe geïdentifiseer wat ons sal help om ons doelwitte te bereik.

'n Voorbeeld van korttermyn doelwitte wat ons nagestreef is, is die versnelling van die publikasie van vakaturelyste en verbetering van kommunikasie- en moniteringstelsels, bv. die program vir die skoolverbeteringsplan. Ons het daarin geslaag om langtermyn doelwitte soos die suksesvolle uitrol van handboeke vir alle grade te bereik en sal voortbou in areas soos infrastruktuurontwikkeling, breëbandtoegang vir alle skole en die ontwikkeling en verbetering van ons onderwysers.

Terwyl ons nog 'n lang pad moet loop om die doelwitte te bereik wat ons vir 2019 gestel het, is ons uiters trots op dit wat ons reeds tot stand gebring het.


Ons sal in alles wat ons doen voortgaan om ons leerders voorop te stel en te verseker dat ons onderwysers behandel word as die gewaardeerde deskundiges wat hulle is.

Elke besluit wat ten opsigte van onderwys in die Wes-Kaap geneem word, sal steeds ingelig word deur die behoefte om leerderuitkomst in hierdie provinsie te verbeter en om beter toegang tot gehalte-onderwys te voorsien – en sodoende die lewensmoontlikhede van ons jongmense te bevorder.

6. Inleiding deur die Rekenpligtige Beampte

Die sentrale fokus vir die WKOD vir die 2014/15-jaar en daarna is om die gehalte van leeruitkomst vir alle kinders in die provinsie te verbeter. Een van die belangrikste maniere om dit tot stand te bring, is om die aantal onderpresterende skole te verminder. Alhoewel die aantal skole met 'n matriekslaagkoers van <60% van 84 in 2009 na 23 in 2013 gedaal het, is daar nog baie werk wat gedoen moet word.

'n Ander fokusarea vir die verbetering van leeruitkomste is om die aantal leerders wat Graad 1, 9 en 12 slaag, te verhoog. Die slaagkoers in Graad 1 en 9 is reeds 'n aantal jare laag. Die strategie wat oor die afgelope twee jaar toegepas is om die slaagkoers te verbeter, toon die volgende vordering aan:



Verdere aanwysers van die poging om gehalte-onderwys te voorsien, is verbeterings in die aantal leerders wat slaag met toegang tot B-graadstudies en hoër en beter slaagsyfers in Wiskunde en Wetenskap. Die Wiskunde- en Wetenskapstrategie sal herondersoek word, asook die Voorwaardelike Toelae-program in Dinaledi-skole om te verseker dat hierdie doelwitte bereik word.

Alle skole en distrikskantore sal teen die einde van Februarie 2014 hul akademiese prestasietekens en -planne afteken waarvolgens hulle die verbeterde leeruitkomste sal nastreef.

Ten einde die doelwit van die voorsiening van gehalte-onderwys aan alle kinders in die provinsie te ondersteun, sal die WKOD:

- o armoedeverligting voorsien deur die uitbreiding van die geen-fooï skoolprogram om 216 addisionele skole in Kwintiel 4 en 5 in te sluit.
- o basiese infrastruktuur by alle skole met 'n versterkte instandhoudingsprogram verbeter. Die WKOD sal in 2014 drie nuwe skole en 54 Graad R-klaskamers oprig.
- o verseker dat alle leerders handboeke vir elke vak het en dat dit in die klaskamer gebruik word. Navorsing het duidelik bewys dat geletterdheidsvlakke verbeter wanneer skole met leesmateriaal oorstroom word. Die bekendstelling van die Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring (KABV) is ondersteun met die voorsiening van 'n voorraad handboeke. Die doeltreffende gebruik van die boeke en die behoud van voorraad sal beklemtoon word.
- o die koers van onderwyser- en leerderbywoning verbeter. Skole sal daaraan herinner word om d.m.v. die moniteringsprogram vir skoolverbetering die bywoningsrekord van onderwysers en leerders by te werk en op te teken. Hierdie data sal ontleed en gebruik word om te verseker dat beleide en beheermaatreëls in plek is om bywoning te verbeter.
- o aan ouer leerders 'n alternatiewe onderwyspad voorsien deur vennootskappe met die VOO-kolleges en Volwasse Onderwys aan te gaan.
- o benewens 'n reeks innoverings om dienslewering te verbeter, sal die WKOD in vennootskap met die Departement van Gesondheid mobiele klinieke befonds om jong leerders se sig en gehoor te toets.

Die WKOD sal, as 'n sleutelhefboom vir groei, die kultuur van diens, sorg en reaktiwiteit by distriks- en hoofkantore verbeter.

Deel B: Strategiese oorsig

1. Skoolonderwys 2025 en die 27 Doelwitte

Die Suid-Afrikaanse onderwyssektorplan is in die *Aksieplan 2014 vir Skoolonderwys tot 2025* vervat. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 handel oor leeruitkomste en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomste bereik sal word.

Die 27 doelwitte is gekoppel aan **aanwysers** en aan **teikens** en die **mylpale** daarvan. Die aantal doelwitte is beperk; die aanwysers word duidelik gestel en is meetbaar. Die teikens moet "haalbaar" wees en behoort onderwysuitkomste toenemend te verbeter. Dit word per provinsie verdeel en moet nie as 'n plafon beskou word nie. Nasionale teikens word grotendeels oor die langtermyn gestel en mylpale fokus oor die algemeen op gewenste prestasie oor die mediumtermyn (tot vyf jaar vooruit). Nasionale mylpale is vir prestasie-doelwitte 1 – 13 gestel. Mylpale vir doelwitte 14 – 27 word nie gespesifiseer nie.

2. Leweringsooreenkoms

Die Leweringsooreenkoms is 'n onderhandelde handves wat in 2010 voltooi en onder andere deur die President, die Minister van Basiese Onderwys en die provinsiale LUR'e onderteken is. Die 27 doelwitte word hieronder gelys. Die **vyf prioriteitsdoelwitte** van die Leweringsooreenkoms vir die tydperk tot en met 2014 is **in vet letters gedruk**.

Die doelwitte vir die **leeruitkomste** is:

- 1 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheid in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheid in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3 ► Verhoog die aantal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheid in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.
- 4 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureus-program op universiteit.
- 5 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.
- 6 ► Verhoog die aantal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskap* slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *taal*.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van *Graad 6*-leerders in *wiskunde*.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie in *wiskunde* van *Graad 8*-leerders.
- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► **Verbeter die toegang van kinders tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.**
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot Verdere Onderwys en Opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

14 ► Lok in elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.

15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.

16 ► **Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaar-geletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.**

17 ► Streef na 'n onderwyswerksmag wat gesond is en 'n sin van werksbevrediging geniet.

18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hulle huidige skooljaar behoort te dek.

19 ► **Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.**

20 ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitende rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.

21 ► **Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n manier wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.**

22 ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.

23 ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word, en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.

24 ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer, en vir onderwysers om te onderrig.

25 ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.

26 ► Verhoog die aantal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.

27 ► **Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.**

3. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP)

Die NOP se doelwitte vir onderwys is in hoofstuk nege (bladsy 261) van die NOP uiteengesit en word hieronder gelys. Die meerderheid van hierdie doelwitte word in die WKOD se doelwitte en aksies behandel. Ons fokus hierop sal verskerp namate stelsels en aanwysers toenemend op provinsiale én nasionale vlak in plek gestel word en begrotings en modelle soos nodig aangepas word.

3.1. Skole: voorsien alle leerders van uitstekende onderwys; behandel lae vlakke van lees, skryf en gesyferdheid soos deur plaaslike en internasionale toetse gemeet; stel teikens vir verbetering in Suid-Afrikaanse toetse oor die volgende 10 jaar in Graad 3, 6, 9 en 12; verbeter ons posisie in internasionale gradering en verhoog behoud in skole na 90%.

- 3.2. Alle personeel:** bevoegdheidstandaarde vir alle opvoederposte; bevoegdheids-assesserings vir toetredende- en bevorderingsdoeleindes en bied opleidingsprogramme aan almal.
- 3.3. Onderwysers:** Onderwysers moet hoogs gewaardeer word; moet goeie vakkennis hê; moet volgehoue professionele ontwikkeling ontvang en hoogs gemotiveerd wees. Die voorstel is dat die aanstelling en bevordering van onderwysers die regering se verantwoordelikheid moet wees.
- 3.4. Skoolhoofde:** Bevoegdheidstoetse moet met die aanstelling van alle skoolhoofde uitgevoer word. Kundigheid moet die enigste kriterium vir die aanstelling van skoolhoofde wees.
- 3.5. Distrikte:** Die regering moet die rolle en verantwoordelikhede van distrikskantore uitklaar ten einde geteikende ondersteuning te voorsien deur die redes vir onderprestasie te identifiseer. Kantore moet dan "beste praktyk"-intervensies verskaf.
- 3.6. Ouers:** Ouers is betrokke by die onderwys van hulle kinders en ontvang sinvolle inligting om hierdie rol te versterk.
- 3.7. Inligting:** Inligting moet toeganklik en nuttig wees om vordering te beplan en monitor.
- 3.8. Inligtingstechnologie:** Hoë-spoed breëband moet beskikbaar wees om leer te ondersteun.
- 3.9. Infrastruktuur:** Basiese infrastruktuur moet vir alle skole in plek wees en agterstande moet aandag geniet.
- 3.10. Taal:** Besluite oor taalvoorsiening in skole moet ingelig word deur 'n groter waardering vir die arbeidsmark. Die voorstel is dat hoë-gehalte onderrig in die moedertaal en Engels vanaf 'n vroeë ouderdom voorsien word.

4. Opedateerde Situasionele Analise

4.1. Prestasieleweringomgewing

Gehalte van leer


Primêre skoolonderwys: Graad 3, 6 en 9 Taal en Wiskunde in die Wes-Kaap

Die WKOD het vanaf 2002 tot 2009 in afwisselende jare taal- en wiskundetoetse vir Graad 3- en 6-leerders geadministreer om vordering te moniteer en probleme te diagnoseer. Die WKOD het in 2010 vir die eerste keer alle leerders in Graad 3, 6 en 9 getoets om die stand van leer in taal en wiskunde in elke skool in die provinsie te bepaal. Dit was die eerste keer dat Graad 9-leerders getoets is. Die Graad 9-toets was 'n steekproef om 'n basislyn vas te stel. Die WKOD het in 2011 die vlak van kognitiewe uitdaging in die taaltoetse verhoog ten einde 'n nuwe minimum-standaard vir die provinsie te stel. Daar is spesifiek langer en meer komplekse tekste by die toetse ingesluit ten einde die toetsitems vergelykbaar te maak met items wat in internasionale toetse op hierdie vlakke gebruik word.

Toetse word elke jaar in Oktober geskryf en die uitslae word in die eerste week van die skoolkwartaal aan skole voorsien. Die uitslae word deur skole gebruik om akademiese aktiwiteite vir die jaar te beplan en om hulle Skoolverbeteringsplanne en teikens vir die huidige jaar saam te stel. Daarbenewens word die uitslae deur distrikte gebruik om toepaslike ondersteuning vir skole te beplan.

WKOD Graad 3, 6 & 9 Sistemiese Uitslae 2013 – Openbare gewone skole						
	Graad 3		Graad 6		Graad 9	
	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal	Wiskunde	Taal
Geskryf	81 883	81 888	73 908	73 900	79 699	74 534
Geslaag	45 036	30 299	20 916	21 800	10 682	35 627
Slaag %	55	37	28	30	14	48
Gemiddelde puntetelling	51	43	39	39	29	51

'n Puntetelling van 50% is nodig om te slaag. Die toetsuitslae toon matige maar bestendige verbeterings in die Wiskundepunte. Die daling in die slaagkoers van Tale in Graad 3 en 6 sal ontleed word en intervensies by spesifieke skole inlig.



Nasionale Senior Sertifikaat

2013 was die sesde jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen. Baie ondersteuning is aan Wes-Kaapse skole voorsien. Die Wes-Kaap het 'n slaagkoers van 85.1% behaal. In 2013 was daar 3 566 meer kandidate wat geslaag het as in 2012 en 3 158 meer wat geslaag het met uitslae wat vir hulle toegang tot studies vir 'n B-graad verseker. 12 216 leerders het Wiskunde met 'n slaagkoers van 73.3% geslaag. Vir Natuurwetenskap was die 2013 slaagkoers 72.6%, 'n verbetering op die 2012 syfer van 70.9%. Die aantal leerders wat geslaag het, was 8 333.

WKOD Vergelykende NSS-uitslae 2009 – 2013						
Jaar	Geskryf	Geslaag	% Geslaag	Toegang tot B-graad	% Toegang tot B-graad	Skole met slaagkoers <60%
2009	44 931	34 017	75.7	14 324	31.9	85
2010	45 783	35 139	76.8	14 414	31.5	78
2011	39 988	33 146	82.9	15 215	38.1	30
2012	44 700	36 992	82.8	16 319	36.5	26
2013	47 636	40 558	85.1	19 477	40.9	23

Uitbreiding van die bevolking, onderwysvlakke en inskrywings


Die bevolking van die Wes-Kaap het sedert die laaste sensus in 2001 gegroei, en groei steeds. Volgens die 2011 sensus wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) vrygestel is, is die Wes-Kaap tuis vir omtrent 5 822 734 mense, wat 11% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die bevolking het tussen 2001 en 2011 met 28.7% gegroei.

Daar was ook 'n toename in die aantal leerders wat by openbare skole ingeskryf is.

Sektor	2011	2012	2013	2014	Verskil
				SNAP	2011 – 2014
Graad R in openbare gewone skole	50 495	58 953	59 565	62 067	11 572
Graad 1-12 in openbare gewone skole	921 776	934 992	948 595	963 390	41 614
Spesiale behoefte-skole	18 878	19 470	19 627	17 945 ¹	-933

Wes-Kaapse volwassenes het 'n gemiddelde van 9.9 jaar van skoolonderwys voltooi. Hierdie syfer word slegs deur Gauteng met 10.5 oorskry. Die nasionale gemiddelde is 9.3. Diegene met matriek maak 41.4% van die bevolking van Suid-Afrika uit. Die 2011-sensus bevestig die vroeë uitsakkoers onder die Wes-Kaapse jeug, met 75% van persone tussen 17 en 19 jaar oud wat op skool is.

Daar is tekens van verbetering in hierdie verband, soos deur die volgende statistieke aangedui:



Verhaalprogram

Die WKOD, in oorleg met ander regeringsdepartemente en burgerlike organisasies, poog om die uitwerking van armoede en misdaad op leer op vier hoofmaniere te beperk.

1. Geen-fooi skole en vrystelling van skoolfooie by foibetalende skole;
2. Verskaffing van voedsel deur die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP);
3. Leerdervoerskemas; en
4. Veiligheidsmaatreëls.

¹ Let daarop dat die inskrywingsyfers van 'n telling op die tiende skooldag van 2014 geneem word. Die totale aantal lesers by Spesiale Behoefte-skole is minder in 2014 vanweë die herklassifisering van drie skole as openbare gewone skole.

Die aantal leerders wat in 2014 deur hierdie vorme van maatskaplike ondersteuning bevoordeel sal word, is soos volg:

	2010	2011	2012	2013	2014
Leerders wat deur die geen-fooi opsie (NK 1-3) bevoordeel word	365 112	365 812	370 617	371 122	552 891
Leerders wat deur vrystelling van skoolfooi bevoordeel word	Nuut in 2011	48 063	69 940	90 506	Uitnodiging vir aansoeke
Leerders wat deur die voedingsprogram (NK 1-3) bevoordeel word	415 829	426 707	427 576	438 437	445 000
Leerders wat leerdervoerskemas gebruik	48 786	50 992	50 526	49 944	50 000
Leerders wat deur die Veilige Skole-program bevoordeel word	258 700	310 000	393 000	410 000	47 000

Die *Norme-en-Standaard*-toekennings vir skole word gewee sodat skole in die meer behoeftige gemeenskappe meer fondse toegeken word.

Die "per-leerder" bedrae wat aan openbare skole in Nasionale Kwintiel 1, 2 en 3 betaal word, is vanaf 2013/14 gelykemaak; met ander woorde, NK 2- en -3 skole sal dieselfde befondsing as NK 1-skole ontvang.

Nasionale teikentoekeennings			
	2012/13	2013/14	2014/15
Kwintiel 1	R960	R1 010	R1,059
Kwintiel 2	R880	R1 010	R1,059
Kwintiel 3	R880	R1 010	R1,059
Kwintiel 4*	R481	R 550	R 830
Kwintiel 5*	R213	R 239	R 317
* Gemiddelde koste vir alle skole			

Die koste van die gelykmaking van hierdie *per-leerder* bedrae in Nasionale Kwintiel 2 en 3 sal R26 miljoen in 2014/15 beloop.

Status van fooie	Totale aantal skole
Geen fooie	887
Skoolfooi word gehef	570
Groototaal	1 457

Een van die mees beduidende ontwikkelings vir 2014 is die uitbreiding van die *geen-fooi* skoolprogram. 216 skole, met 172 541 leerders, wat in Kwintiel 4 en 5 is, het 'n uitnodiging aanvaar om *geen-fooi* skole te word. Die aanbod is uitgebrei na daardie skole wat minder as R400 per jaar skoolfooi vra.

Skole wat skoolfooi vra kan om vergoeding vir fooivrystelling aansoek doen in gevalle waar ouers nie in staat is om fooie te betaal nie. Skole is in 2012 deur die WKOD met R31 miljoen vergoed vir die vrystelling van skoolfooi wat aan ouers toegeken is. R42 miljoen is in 2013 betaal om 90 506 leerders in 700 skole te ondersteun.

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) sal in 2014 op 'n daaglikse basis vir meer as 440 000 leerders van voedsame maaltye by 1 020 geteikende laerskole, sekondêre en spesiale skole voorsien. Die leerders wat gevoed moet word, is in 562 laerskole in Kwintiel 1 tot 3; 108 sekondêre skole in Kwintiel 1 tot 3; 39 spesiale skole en geïdentifiseerde leerders in 311 laer- en sekondêre skole in Kwintiel 4 en 5.

Gekookte maaltye sluit onder meer rys, mielies, soja-maalvleis, sardyne en groente in. Ongekookte maaltye sluit brood met grondboontjebotter en konfynt, voedsame drankies, vars vrugte en groente in. Die WKOD het in die 2012/13-finansiële jaar op drie (3) dae 'n week ook ontbyt aangebied.

Die WKOD NSVP het met ingang van die 2013/14 finansiële jaar vyf dae 'n week ook ontbyt voorsien, met 'n verskeidenheid graansoorte wat ingesluit is. Ontbyt word voor skool bedien, en middagete word teen 12:30 bedien. Dit sal in 2014 voortduur.

Die *Veilige Skole-program* het 'n drieledige strategie, naamlik die voorsiening van sekuriteitsmeganismes, gesindheid- en gedragsprogramme en netwerke met toepaslike rolspelers. Die WKOD het 'n Veilige Skole-inbelsentrum, waar verskeie kwessies oor skoolgebaseerde geweld aangemeld kan word en berading word deur die Inbelsentrum aan geaffekteerde en getraumatiseerde individue gebied.

Die Veilige Skole-inbelsentrum ontvang tot 20 000 oproepe per jaar. Baie oproepe is versoeke om inligting oor hoe om 'n sekere bedreiging te hanteer, inligting oor MIV en Vigs, tiener-swangerskappe of prosedures vir wangedrag. Sekere oproepe hou verband met mishandeling (liggaamlik, emosioneel, middelmisbruik). Die Veilige Skole-inbelsentrum bied ondersteuning met aanvanklike aanlyn ondervraging, waarna die saak vir in-diepte berading verwys word, indien nodig.

Vyftig nuwe skole word per jaar van installasies ter ondersteuning van veiligheid voorsien. Dit is belangrik dat skole veilig gehou word deur fisiese veiligheidsmaatreëls, samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie en Metropolisie, en gemeenskapsbetrokkenheid om skole te beskerm. Daarbenewens sal die WKOD, in samewerking met ander regeringsdepartemente en die SAPD voortgaan om lukrake inspeksies en toetse vir dwelms en wapens uit te voer.

Die WKOD sal in 2014 sekuriteitsmeganismes aan 'n bykomende 50 skole voorsien. Ons sal die vakansie- en naskoolse programme uitbrei d.m.v. jeugontwikkeling en die instelling en ondersteuning van Veilige Skole-jeugklubs.

Die *leerdervervoerskema* verskaf busvervoer na en vanaf skool aan ongeveer 50 000 leerders, grotendeels in landelike gebiede. Streng bestuur van hierdie stelsel is noodsaaklik om die veiligheid van leerders te verseker. Die beleid maak voorsiening vir vervoer aan leerders wat meer as 5 km van die naaste skool af woon. Die voortdurende toename in leerdergetalle stel aanhoudend 'n uitdaging in hierdie verband. Daar is tans 516 roetes, hoofsaaklik in die landelike gebiede.

Provinsiale konteks

Die Wes-Kaapse Regering het 12 Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) geïdentifiseer. Die WKOD is die leierdepartement vir Provinsiale Strategiese Doelwit 2 ("verbetering van onderwys-uitkomst") en ondersteun die ander elf doelwitte op verskeie maniere en in 'n wisselende mate.

Die Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD) is soos volg:

- PSD 1 : Om geleenthede vir groei en werk te skep
- PSD 2 : Verbetering van onderwysuitkomste
- PSD 3 : Verhoging van toegang tot veilige en doeltreffende vervoer
- PSD 4 : Verbetering van welsyn
- PSD 5 : Verbetering van veiligheid
- PSD 6 : Ontwikkeling van geïntegreerde en volhoubare menslike nedersettings
- PSD 7 : Integrasie van volhoubaarheid en doeltreffendheid
- PSD 8 & 9 : Bevordering van sosiale insluiting en vermindering van armoede
- PSD 10 : Integrasie van dienslewering vir maksimum impak
- PSD 11 : Vermeerdering van geleenthede vir groei en ontwikkeling in landelike gebiede
- PSD 12 : Om die mees geoliede streeksregering in die wêreld te bou.

Spesifieke areas van samewerking met ander regeringsdepartemente sluit die interregering-naskoolprogram, vroeë kinderjare en al die kwessies wat verband hou met veiligheid en gesondheid, soos dwelmprogramme en ander programme vir maatskaplike verligting in. As deel van die benadering van die Wes-Kaapse Regering om anti-sosiale gedrag te voorkom en alternatiewe geleenthede aan die jeug te bied, het die Departement van Kultuursake en Sport (DCAS) MOD-sentra (massadeelname, toegang tot geleenthede en ontwikkeling) by 181 skole oor die agt onderwysdistrikte ingestel. 98 van hierdie sentrums is in 2011 by laerskole ingestel. Die programme word na skool aangebied en verskaf aan leerders die geleentheid om sport te beoefen en aan ander verrykingsaktiwiteite deel te neem. Beide die Veilige Skole- en Skoolverrykingsprogram van die WKOD is verbind aan die MOD-sentra.

4.2. Organisasoriese omgewing

Die WKOD poog om 'n reaktiewe en doeltreffende organisatoriese kultuur te skep en die departement se sakeprosesse en -stelsels te verbeter. Die hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om vinnige en deskundige dienste en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys met die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap aan die hoof, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwys-instellings, insluitende gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine. Die VOO-kolleges en gemeenskapsleersentrums vir volwassenes word in hierdie Jaarlikse Prestasieplan aangedui, maar volgens onderstaande wetgewing is die bestuur van hierdie instellings in 'n oorgangsfase ter afwagting van die finalisering van die oorplasing na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding.

Die tabelle hieronder toon die aantal werknemers en die vakatures by die WKOD. Daar moet op gelet word dat hierdie syfers wissel na gelang van die tyd van die jaar. Die syfers in Program 5 en 6 word deur die veranderinge in die Hoër Onderwyssektor beïnvloed.

Indiensneming en vakatures per program, 31 Desember 2013							
Personeel-groep	Program	Aantal befondsde poste	Onbefondsde poste	Aantal poste gevul	Vakature-koers %	Aantal persone bykomend tot die diensstaat	Totale aantal werknemers
Alle personeel	Program 1	835	41	782	6%	15	797
	Program 2	33 892	65	34 230	0%	314	34 544
	Program 4	3 047	9	2 845	7%	28	2 873
	Program 5	1 330	99	966	27%	0	966
	Program 6	12	0	8	33%	0	8
	Program 7	14	0	201	0%	0	201
	Program 8	0	0	13	0%	0	13
	Program 9	1 360	112	1 224	10%	33	1 257
	Totaal	40 490	326	40 269	1%	390	40 659
Opvoeders	Program 1	97	7	107	0%	5	112
	Program 2	27 707	1	28 159	0%	155	28 314
	Program 4	1 917		1 880	2%	12	1 892
	Program 5	885		804	9%		804
	Program 6	4		2	50%		2
	Program 7	14		201	0%		201
	Program 8			1	0%		1
	Program 9	785	14	696	11%	20	716
	Totaal	31 409	22	31 850	0%	192	32 042
Staatsdienspersoneel	Program 1	738	34	675	9%	10	685
	Program 2	6 185	64	6 071	2%	159	6 230
	Program 4	1 130	9	965	15%	16	981
	Program 5	445	99	162	64%		162
	Program 6	8		6	25%		6
	Program 7				0%		0
	Program 8			12	0%		12
	Program 9	575	98	528	8%	13	541
	Totaal	9 081	304	8 419	7%	198	8 617

Indiensneming en vakatures per salarisband, 31 Desember 2013							
	Salarisband	Aantal befondsde poste	Onbefondsde poste	Aantal poste gevul	Vakature-koers %	Aantal bykomend tot die diensstaat (preprimêre personeel uitgesluit)	Totale aantal werknemers
Alle personeel	Geskoold (Salarisvlak [SV] 3-5)	5 070	55	4 607	9%	72	4 679
	Hoogs geskoold produksie (SV 6-8)	2 794	72	2 533	9%	74	2 607
	Hoogs geskoold toesighouding (SV 9-12)	28 880	38	29 606	0%	173	29 779
	Senior bestuur (SV13-16)	50	0	47	6%	2	49
	Totaal	40 180	302	40 043	0%	373	40 416

Indiensneming en vakatures per salarisband, 31 Desember 2013							
	Salarisband	Aantal befondsde poste	Onbefondsde poste	Aantal poste gevul	Vakaturekoers %	Aantal bykomend tot die diensstaat (preprimêre personeel uitgesluit)	Totale aantal werknemers
Opvoeders	Laer geskool (SV 1-2)	0	0	0	0%	0	0
	Geskool (SV 3-5)	843	0	786	7%	0	786
	Hoogs geskool produksie (SV 6-8)	1 612	0	1 456	10%	20	1 476
	Hoogs geskool toesighouding (SV 9-12)	28 658	18	29 417	0%	168	29 585
	Senior bestuur (SV13-16)	0	0	0	0%	0	0
	Totaal	31 113	18	31 659	0%	188	31847
Staatsdienspersoneel	Laer geskool (SV 1-2)	3 386	137	3 250	4%	52	3 302
	Geskool (SV 3-5)	4 227	55	3 821	10%	72	3 893
	Hoogs geskool produksie (SV 6-8)	1 182	72	1 077	9%	54	1 131
	Hoogs geskool toesighouding (SV 9-12)	222	20	189	15%	5	194
	Senior bestuur (SV13-16)	50	0	47	6%	2	49
	Totaal	9 067	284	8 384	8%	185	8 569

Die organogram word as Bylae F aangeheg.

4.3. Hersiening van wetgewende en ander mandate

a. Skole

Die Wysigingswet op Basiese Onderwyswette, 2011 (Wet 15 van 2011) is op 19 September 2011 uitgevaardig. Die doel van die Wet is onder andere om aspekte van die daarstelling van die Departement van Basiese Onderwys en verwante aangeleenthede te akkommodeer; die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (NEPA) en die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000) en die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001) te wysig. Die Wet maak ook voorsiening vir die verskeie soorte openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte, die addisionele funksies van skoolhoofde en die opleiding van beheerliggame deur erkende beheerliggaamverenigings.

Die Minister van Basiese Onderwys het op 8 Januarie 2013 in Staatskoerant Nr. 36062 die Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard vir Openbare Skoolinfrastruktuur vir kommentaar gepubliseer. Hierdie Regulasies is ingevolge artikel 5A(1)(a) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) uitgevaardig, met 'n sluitingsdatum vir kommentaar van 15 Maart 2013. Na die aanvanklike uitvaardiging, is die hersiene Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaard vir Openbare Skoolinfrastruktuur vir kommentaar in Staatskoerant Nr. 36837 gedateer 12 September 2014 gepubliseer, met 'n sluitingsdatum vir kommentaar van 11 Oktober 2013. Die Minister van Basiese Onderwys het, na oorweging van die kommentaar en gesprekvoering met die Minister van Finansies, die Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en

Standaard vir Openbare Skool-infrastruktuur bepaal, soos gepubliseer op 29 November 2013 in Staatskoerant Nr. 37081.

Die Departement van Basiese Onderwys het die *Nasionale Norme en Standaard vir Skoolbefondsing* met ingang 1 April 2011 gewysig. Die wysigings behels die voorsiening van operasionele fondse aan geen-fooi skole en vergoeding vir vrystelling van skoolfooi vir fooi-betalende skole (paragraaf 170A). 'n Latere wysiging maak voorsiening vir die Graad 3 en Graad 6 Jaarlikse Nasionale Assesserings in openbare skole om gebruik te word om leerder-prestasie te meet in daardie onafhanklike skole wat vir 'n subsidie in aanmerking kom.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* is in die *Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring* (KABV) verfynd en herverpak. Die KABV spesifiseer in een dokument vir elke vak die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat benodig word en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV is in 2012 in die Grondslagfase en Graad 10, in 2013 in die Intermediêre Fase en Graad 11 en in 2014 in die Senior Fase en Graad 12 geïmplementeer.

Verdere wysigings aan die *Kinderwet, 2005* (Wet 38 van 2005) het op 1 April 2010 in werking getree. Kragtens artikel 196(3) van die *Kinderwet* het nywerheidskole en verbeteringskole, wat die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Onderwys was, binne twee jaar na die aanvang van die tersaaklike hoofstuk in die Wet die verantwoordelikheid van die provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geword. Na aanleiding van die beslissing van die Konstitusionele Hof in die saak tussen *The Teddy Bear Clinic for Abused Children* en 'n *Ander v Minister van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling* en 'n *Ander, SK 12/13*, onder andere, is 'n Wysigingswetsontwerp op Geregtelike Aangeleenthede in die Parlement voorgelê en beoog die wysiging van, onder andere, die *Kinderwet, 2005*, die *Wet op Kinderberegting, 2008*, die *Wysigingswet op Strafberegting (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007*, insluitend aspekte van die *Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000*. Hierdie uitgeligte stukke van voorgestelde wysigings is veral van toepassing op die onderwys, aangesien dit aandag skenk aan, onder andere, gedeeltes van wetgewing wat volgens die Konstitusionele Hof onregverdigbaar inbreuk maak op kinders se grondwetlike regte, die Nasionale Register vir Seksoortreders en die skraping van rekords en die tydperk wat toegelaat word om toegang tot inligting ingevolge die *Wet op die Openbare Toegang tot Inligting (PAIA)* te kry.

Nuwe provinsiale wetgewende intervensies

Die Regulasies met betrekking tot die Verklaring van Persoonlike Belange van Lede van Beheer-liggame in die Verkryging van Goedere en Dienste vir Openbare Skole is vir openbare kommentaar in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7039, gedateer 31 Januarie 2013, gepubliseer. Hierdie Regulasies is in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7179 gedateer 18 November 2013 afgekondig en aan skole via Omsendbrief Nr. 0052/2013 vir implementering in 2014 versprei. Hierdie Regulasies beoog om 'n protokol vir lede van beheerliggame te vestig om persoonlike belange te verklaar wanneer aangeleenthede rakende die verkryging van goedere en dienste vir skole hanteer word en sodoende enige belangebotsings tussen 'n lid en 'n skool uit te skakel.

Regulasies ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997), gedateer 15 Desember 2011, is soos volg voorberei:

- 1) Die konsepregulasies met betrekking tot die Toelating van Leerders tot Openbare Skole vir Leerders met Spesiale Onderwysbehoefte is ingevolge artikel 63(1), gelees met artikel 20A(2), op 18 Oktober 2013 vir openbare kommentaar in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7187 gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is, word vir die finalisering van die Regulasies oorweeg. Hierdie konsepregulasies poog om die proses van assessering, ondersteuning en toelating vir leerders tot openbare skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte uiteen te sit.
- 2) Die konsepregulasies oor die Pligte van Skoolbywoningsbeamptes is op 27 September 2013 in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7176 vir openbare kommentaar gepubliseer. Kommentaar wat ontvang is, is oorweeg en die finale Regulasies oor die Pligte van Skoolbywoningsbeamptes is op 2 Desember 2013 in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7205 gepubliseer. Hierdie regulasies vestig die pligte van 'n skoolbywoningsbeampte; beskryf geldige redes vir afwesigheid van die skool en verskaf besonderhede oor die skriftelike kennisgewing aan ouers ten einde leerderbywoning vir leerders van verpligte skoolgaande ouderdom asook nienakoming deur betrokke ouers te behandel. Openbare skole is van hierdie regulasies via Omsendbrief Nr. 0002 van 2014 in kennis gestel.
- 3) Die konsepregulasies met betrekking tot die Verteenwoordigende Raad van Leerders sal bevoegdheid aan die Provinsiale Minister verleen om die funksies en prosedures vir die instelling en verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders te bepaal. Dit maak ook voorsiening vir die rolle en funksies van Onderwyserskakeelbeamptes en die pligte verbonde aan daardie beamptes as Verkiesingsbeamptes vir die verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders. Hierdie regulasies sal ook vir openbare kommentaar in die Buitengewone Provinsiale Koerant gepubliseer word. Die konsepregulasies word tans deur die Direkoraat: Wetgewing in die Kantoor van die Premier gekeur, voordat dit in die Provinsiale Koerant vir kommentaar gepubliseer sal word.
- 4) Die konsepregulasies met betrekking tot die Hoof van Departement se uitreiking van Prestasie-aanwysers wat Bindend op Openbare Skole is, beoog om aanwysers vir openbare skole uiteen te sit ten einde die akademiese prestasie van die openbare skool te monitor en evalueer sodat die departement die betrokke openbare skole kan bystaan, adviseer en ondersteun om beter te presteer. Hierdie regulasies word tans aan regskeuring onderwerp en sal vir openbare kommentaar gepubliseer word.
- 5) Die Regulasies rakende die Dissiplinerings, Skorsing en Verbanning van Leerders by Openbare Skole in die Wes-Kaap is ingevolge artikel 63(1)(cE) in die Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6932 uitgevaardig en het op 1 April 2012 in werking getree. Skole word versoek om hul gedragkode by hierdie regulasies aan te pas en om die substantiewe en prosedurele standaarde te volg wat in die regulasies t.o.v. aangeleenthede oor leerders se wangedrag bepaal word.
- 6) Die Regulasies rakende Visitasie en Assessering van Openbare en Gesubsidieerde Onafhanklike Skole is kragtens artikel 63(1)(c)(cG) in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6976 gedateer 29 Junie 2012 uitgevaardig. Hierdie regulasies maak

voorsiening vir die evaluering van prestasie en monitering van nakoming ingevolge Nasionale en Provinsiale Norme en Standaarde en is d.m.v. Omsendbrief 0026/2012 aan skole bekendgestel.

- 7) Die regulasies met betrekking tot die Minimum Onderrigure per skoolweek en skooldag in openbare skole in die Wes-Kaap is ingevolge artikel 63(1)(cC) in die Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7065 gedateer 28 November 2012 uitgevaardig en via Omsendbrief Nr. 0044/2012 aan skole bekendgestel. Hierdie regulasies maak voorsiening vir die minimum onderrigure per vak per fase, algemene beginsels wat toegepas moet word wanneer die minimum skoolure per week en per skooldag bereken word, individuele ondersteuningsplanne; en gesteerde datums van implementering.

'n Riglyn oor Speelgrondveiligheid by Openbare Skole is voltooi en vir goedkeuring aan die Minister verantwoordelik vir Onderwys in die Wes-Kaap voorgelê. Die riglyn maak voorsiening vir die rolle en verantwoordelikhede van personeel met betrekking tot die veiligheid van leerders op die speelgrond, die oppervlakte van speelgronde, giftige en andersins ongeskikte plante, asook leiding met betrekking tot die keuse van speelgrondtoerusting. Dit sluit bylaes in wat handel oor basiese omgewingsopnames, voorsorgmaatreëls met die aankoop of installering van speelgrondtoerusting en die inspeksie en instandhouding van toerusting.

B. VOO-kolleges en Volwassene-onderwys

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) is in Mei 2009 ingestel met die oogmerk om uiteindelik vir hoër onderwysinstellings verantwoordelik te wees, met inbegrip van VOO-kolleges, SETA's en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Die DHOO en provinsiale onderwysdepartemente het 'n protokol van ooreenkoms oor die oorgang en tussentydse beheer en bestuur van die kolleges onderteken, en die DHOO het provinsies uitgenooi om provinsiale tegniese taakspanne saam te stel om die oordrag van funksies ten opsigte van VOO-kolleges as 'n nasionale bevoegdheid te bestuur en advies daaroor te lewer.

Die Wysigingswetsontwerp op Hoër Onderwys- en Opleidingswette, 2010 (Wet 25 van 2010) is op 7 Desember 2010 in Staatskoerant Nr. 33853 gepubliseer. Dit wysig die Wet op VOO-kolleges, 2006 (Wet 16 van 2006) en die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000) ten einde voorsiening te maak vir die indiensneming van opvoeders by openbare sentrums, salarisse en ander diensvoorwaardes, die diensstaat van opvoeders, bevoegdhede van werkgewers, aanstellings en die vulling van poste, die oorpasing van opvoeders, sekondering, aftrede, ontslag, ongeskiktheid en wangedrag en die verrigting van ander werk deur opvoeders. Dit maak ook onder andere voorsiening vir oorgangsreëlins ten opsigte van openbare sentrums; die bepaling van nasionale onderwysbeleid vir openbare sentrums, vir voorskriftelike beginsels van nasionale onderwysbeleid, konsultasie oor beleid en wetgewing, die publikasie van nasionale onderwysbeleid en die monitering en evaluering van die onderwys en opleiding van volwassenes, insluitend gehalteversekering met betrekking tot die kwalifikasies wat deur openbare en private sentrums aangebied word.

Die Wysigingswetsontwerp op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges, 2012 (Wet 3 van 2012) het op 3 Mei 2012 in werking getree en wysig die Wet op VOO-kolleges van 2006 (Wet 16 van 2006). Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding het in Staatskennisgewing Nr. 367, gepubliseer in Staatskoerant Nr. 35336 gedateer 11 Mei 2012, bepaal dat sommige van die bepalings van die Wysigingswet op Verdere Onderwys en Opleiding, 2012 (Wet 3 van 2012) in werking sal tree vanaf die datum van ondertekening deur die president (11 Mei 2012 as die datum van kennisgewing deur die minister), buiten artikels 11, 12, 13, 14, 28(3) en 32(b).

Artikel 14 handel oor finansies gekoppel aan die verspreiding van die Voorwaardelike Toelae, en artikel 11, 12, 13, 28(3) en 32(b) handel die oordrag van personeel vanaf Provinsiale Onderwysdepartemente na die DHOO, behoudens die voorwaardes van artikel 197 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 55 van 1995). Hierdie prosesse moet eers voltooi word voordat die tersaaklike artikels in werking kan tree op die datum wat deur die minister bepaal moet word en deur 'n verdere kennisgewing wat in die Staatskoerant gepubliseer moet word.

Die *Norme en Standaard* vir die Befondsing van VOO-kolleges is vanaf 1 April 2010 geïmplementeer. Die norme en standaard is gegrond op die koste van die lewering van die Nasionale Sertifikaat: Beroepsgerigte programme. Die befondsingsformule het drie komponente, naamlik *personeel*; *kapitaal* en *niepersoneel/niekapitaal*. Die befondsing van VOO-kolleges vind in die vorm van 'n voorwaardelike toelaag plaas en word maandeliks oorgeplaas.

Die Regulasies rakende die Minimumvereistes vir die Samestelling van 'n Beheerliggaam van 'n Openbare BOOV-sentrum is kragtens artikel 8(7) van die Wet op Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2000 (Wet 52 van 2000) in Buitengewone Provinsiale Staatskoerant Nr. 6952 gedateer 23 Februarie 2012 uitgevaardig. Dit maak onder andere voorsiening vir die samestelling, vergaderings, verkiesing en ontbinding van 'n beheerliggaam van 'n openbare BOOV-sentrum.

5. Beplande intervensies en programme

5.1 Sektorbegrotingsprioriteite

Die onderwyssektor in Suid-Afrika het vier prioriteite wat onderling verbind is: die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV); die Jaarlikse Nasionale Assesserings; werkboeke vir Graad 1-9 en die ontwikkeling van infrastruktuur. Die DBO het met hierdie vier prioriteite ten doel om te verseker dat alle kinders gehalteboeke het waarin hulle kan skryf en huis toe neem; 'n algemene kurrikulum wat die inhoud en volgorde en tempo vir die onderrig van die inhoud bepaal; jaarlikse assesserings van taal en wiskunde in Graad 1 – 6 en Graad 9 om vordering in hierdie kernvakke te meet en veilige en geskikte infrastruktuur vir onderrig en leer.

Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)

Die 2009-hersiening van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) het die onderspesifisering van die inhoud in Graad 1-9 en die probleme wat onderwysers met die tempo en volgorde van kurrikulumlewering ondervind, beklemtoon. Die KABV is vir Graad R tot 12 ontwikkel om die vakinhoud wat in elke vak en graad onderrig moet word en hoe beplanning, onderrig en assesserings moet plaasvind, te spesifiseer. Daar moet beklemtoon word dat die KABV nie 'n nuwe kurrikulum voorstel nie, maar eerder gedetailleerde spesifikasies is van inhoud, tempo en volgorde, in lyn met die NKV. Die KABV is in die 2012- tot 2014-tydperk ingefaseer.

Die belangrikste veranderinge wat deur die KABV teweeggebring is, is dat daar minder administrasie vir onderwysers, duideliker spesifikasies van vakinhoud en sterker onderrig- en assesseringsmetodes behoort te wees. Dit is kritiese veranderinge en die verwagting is dat dit sal bydra tot beter onderrig en leer, wat beter leeruitkomste tot gevolg sal hê. Aangesien 2014 die jaar is waarin die laaste grade, naamlik Graad 7-9 en Graad 12, die KABV implementeer, sal skole met hierdie grade dienooreenkomstig ondersteun word. Opleiding in die KABV beklemtoon dat die KABV, die werkboeke en JNA geïntegreerd en gemik is op die verbetering van leer.

Nasionale werkboeke

Die impak van stadige tempobepaling en onvoldoende toegang tot geskikte onderrig-materiaal in skole is breedvoerig deur onderwysers aangemeld en deur navorsers gedokumenteer. Die DBO het in reaksie op hierdie uitdaging nasionale werkboeke ontwikkel en gedruk. Die werkboek-inisiatief is 'n intervensie wat na verwagting 'n groot impak op leer en onderrig in die klaskamer sal hê. 'n Nasionale moniteringstudie van die benutting van die werkboeke in skole is onderneem. In die Wes-Kaap het 20 skole deel van hierdie studie uitgemaak, wat bevind het dat die meerderheid van skole die werkboeke gebruik en dit nuttig vind.

Jaarlikse Nasionale Assesserings (JNA)

Daar word van alle skole verwag om graad-spesifieke toetse in Taal en Wiskunde in Graad 1-6 en 9 te skryf. 2011 was die jaar van die eerste volskaalse implementering van hierdie nasionale assesseringstelsel vir Suid-Afrika. Drie stappe voorbeelde is in 2012 aan skole gestuur om onderwysers vertrouwd te maak met die soorte vrae wat gestel sal word. Die 2014 JNA's sal in September onder toesig by alle skole geskryf word. Nasienriglyne of memorandum sal beskikbaar gestel word en toetse sal deur die toepaslike onderwysers by elke skool nagesien word. Prosedures en kontroles sal weereens in plek gestel word om te verseker dat nasiening gestandaardiseer is. Leerders se punte sal op 'n sentrale databasis vasgelê word om stelsel-wye inligting oor leerderprestasie te voorsien. 'n Kritieke aspek van die toetsing is die terugvoer aan skole en ouers vir gesamentlike beplanning vir verbetering.

Infrastruktuurontwikkeling

Die 2011/12 finansiële jaar het 'n verandering meegebring in die manier waarop fisiese infrastruktuurontwikkeling in die skoolstelsel befonds word. 'n Groot gedeelte van besteding op infrastruktuur in skole het vir die eerste keer onder die begroting van die Departement van Basiese Onderwys geressorteer, met hierdie departement wat verantwoordelikheid vir nuwe beplanning en monitering aanvaar. Die Toelae vir Infrastruktuur aan Provinsies, wat deur Nasionale Tesourie begroot word, het in 2010/11 tot 'n einde gekom en is deur die Toelaag vir Onderwysinfrastruktuur (EIG) vervang.

Die Presidensiële Infrastruktuur- Koördinerende Raad (PICC), wat in 2012 ingestel is, het 'n nasionale skoolbouprogram, naamlik die Strategiese Geïntegreerde Projek 13 (SIP 13) bekendgestel, wat gebaseer is op eenvormigheid in beplanning, verkryging en kontrakbestuur, asook die voorsiening van basiese dienste. SIP 13 bestaan uit twee programme: 'n reeks provinsiale programme wat deur die Toelaag vir Onderwysinfrastruktuur en die Billike Aandeel-toelae befonds word en die Inisiatief vir Versnelde Lewering van Skoolinfrastruktuur (ASIDI), wat nasionaal-gedrewe is. SIP 13 is nie 'n nuwe program nie, maar kombineer die twee programme hierbo vermeld in 'n geïntegreerde skoolbouprogram, met

provinsiale en nasionale vlakke van aanspreeklikheid wat duidelik bepaal en ooreengekom is.

SIP 13 behandel die teikens van die DBO se sektorplanne hierbo vermeld, naamlik *Skoolonderwys 2025* en *Aksieplan 2014: Na die realisering van Skoolopvoeding 2025*. Een van die gevolge van die presidensiële program is die versterking van die mate waartoe nasionale toesighouding oor die lewering van infrastruktuur in die onderwysektor plaasvind. Die WKOD word tans deur die ASIDI-program bevoordeel met 25 skole wat vervang word (14 skole in 2012/13 geïnisieer en 11 skole in 2013/14). Verdere ASIDI-toekennings kan aan die Provinsie gemaak word, maar prestasielewering sal die omvang van nog befondsing bepaal.

5.2. Provinsiale Planne

Die WKOD sal voortgaan om tot 2019 die sleuteliniatiewe wat in die provinsiale Strategiese Plan (2010 – 2014) en die Provinsiale Strategiese Doelwit geïdentifiseer is, te versterk en verdiep. Dit sal in ruil verseker dat aandag aan die nasionale Aksieplan vir 2025 bestee word.

Provinsiale planne ten opsigte van die vier hoofdryfkragte word hieronder beskryf.

Maatreëls om die kurrikulum te versterk ter ondersteuning van die Kurrikulum-en-Assesseringsbeleidsverklaring (KABV)

Die KABV sal in 2014 in Graad 7-9 en Graad 12 bekendgestel word en spesifieke skoolgebaseerde ondersteuning sal in hierdie grade voorsien word.

Amptenare sal voortgaan om te verseker dat onderwysers elke aspek van onderrig in die hersiene kurrikulum doeltreffend bestuur. Dit behels onder meer aandag aan die inhoud, aan die pas, voldoening aan vereiste standaarde en assesseringstake. Daarbenewens word die pas en inhoud van die onderrigprogram breedvoerig uiteengesit.

Alle kursusse en ondersteuningsprogramme, byvoorbeeld dié deur die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut, sal die KABV-dokumente gebruik. Indiensopleiding en ontwikkeling vir onderwysers sal deur die KOLI en die vier universiteite aangebied word.

Die WKOD het in 2009 'n 8-jaar opleiding- en ondersteuningsplan vir Taal en Wiskunde van stapel gestuur. Hierdie program is op die KABV gegrond en word deur deskundige diensverskaffers vir onderwysers in Graad 1 – 6 aangebied. Hierdie opleiding sal in 2014 weereens gedurende die Julie-vakansie plaasvind.

Jaar 1 (2009): eerste 250 skole	Groep 1 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 2 (2010): eerste 250 skole in 'n tweede jaar van opleiding	Groep 1 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 2 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Jaar 3 (2011): tweede groep 250 skole	Groep 3 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 4 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)

Jaar 4 (2012): tweede 250 skole in 'n tweede jaar van opleiding	Groep 3 (125 skole) <i>Taal</i> -opleiding in Junie-vakansie Groep 4 (125 skole) <i>Wiskunde</i> -opleiding in Junie-vakansie Skoolgebaseerde ondersteuning (250 skole) Lesers en LOOM (250 skole)
Hierdie patroon word nou <i>herhaal</i> vir jare 5 tot 8, m.a.w. tussen 2013 en 2016, sodat alle laerskole binne 'n tydperk van 8 jaar opgelei is.	

Die WKOD sal weereens in 2014 oerbetrokkenheid in die verbetering van onderwysuitkomste aanmoedig. Die sleutelvraag sal wees: "Het jou kind vandag gelees, geskryf en wiskunde geoefen?". Die WKOD sal ook boekies vir ouers van Graad 1-leerders versprei, wat verduidelik hoe om 'n kind se eerste jaar op skool te ondersteun. Die rol van die Skoolbeheerliggaam om oerbetrokkenheid aan te moedig, sal spesifieke aandag geniet.

As deel van die ondersteuning vir die KABV, sal die WKOD voortgaan om die 2012 *Strategie vir Wiskunde en Natuurwetenskap vir Graad 8 – 12* in 2014 te implementeer. Die mikpunte is: om deelnamekoerse in Wiskunde en Natuurwetenskap in Graad 10 – 12 te verhoog; om die aantal geslaagdes in Wiskunde en Natuurwetenskap in Graad 12 te verhoog en om die gehalte van geslaagdes in Graad 12 te verbeter ten opsigte van verbeterde gemiddelde punte en/of die aantal leerders wat A-, B- en C-simbole behaal. Die strategie sal fokus op gedifferensieerde ondersteuning aan skole; opleiding van onderwysers; ondersteuning aan leerders; tekste en toerusting; en monitering en evaluering.

Die WKOD se Hoërskoolprogram poog om die aantal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen slaag, te verhoog en die aantal onderpresterende skole te verlaag. Die program bestaan uit 'n gedifferensieerde benadering tot hoërskole in die provinsie, met ondersteuning wat wissel vanaf matige ondersteuning tot hoë-intensiteit ondersteuning met 'n hele-skool fokus vir dié skole waar minder as 70% van leerders in die vorige jaar geslaag het. Dit is duidelik dat 'n program wat slegs op Graad 12 of op Graad 10 – 12 fokus, nie voldoende is om die kwessie van onderprestasie aan te spreek nie. Om hierdie rede sal die 2014-program weereens alle grade op hoërskool insluit, met 'n spesiale fokus op Graad 8 en 9 oor sake soos vakkeuse, die belang van gereelde skoolbywoning en die voltooiing van alle werkopdragte, en in Graad 10 – 12 op studiemetodes en dekking van die kurrikulum.

'n Volgehoue bestuursfokus in 2014 sal op die maksimalisering van die hoeveelheid tyd vir onderrig en leer wees. Dit sluit die doeltreffende gebruik van al die onderrigure in die dag in, en ook om die hoeveelheid tyd wat aan toetse en eksamens bestee word, te verminder.

Die Hoërskoolprogram sal in 2014 bou op die gedetailleerde ontleding van 2013 se Graad 12-uitslae per skool; 'n strategie in reaksie op die uitslae ontwikkel en implementeer, insluitend die identifisering van spesifieke vakke met swak leerderprestasie en die bepaling en kommunikasie van gedifferensieerde teikens vir die NSS-eksamen in 2014. Distrikte sal 'n tutorprogram vir vakke met hoë inskrywings opstel. Elke leerder sal 'n stel vorige eksamenvraestelle ontvang. Die boekie "Wenke vir Sukses in NSS" sal aan die begin van 2014 aan elke Graad 9- en 12-leerder afgelewer word.

Addisionele klasse sal smiddae, naweke of tydens skoolvakansies aangebied word, met vak-spesifieke ondersteuning wat deur spesialis-onderwysers en kurrikulumadviseurs voorsien word. Hierdie ondersteuning sluit standaard-stellende prosesse en radioprogramme in. 'n Telematika-program sal by 147 geselekteerde skole uitgesaai word, met regstreekse onderrig in vakke met hoë inskrywings.

Geïdentifiseerde openbare skole en onafhanklike skole sal volgens 'n volgehoue program besoek word om onderwysers by te staan met die daarstelling van 'n aanvaarbare standaard van praktiese prestasie en Skoolgebaseerde Assesseringstake vir leerders in Graad 8–12.

Tekste, insluitende die nasionale werkboeke

Leerders sal in 2014 soos volg werkboeke ontvang:

Graad R	Leerders sal elkeen twee werkboeke ontvang
Graad 1- 3	Leerders sal elkeen agt werkboeke ontvang; twee vir elk van Wiskunde, Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal en Lewensvaardighede
Graad 4 - 6	Leerders sal twee werkboeke vir Huistaal, twee vir Engels Eerste Addisionele Taal en twee vir Wiskunde ontvang.
Graad 7 – 9	Leerders sal twee Wiskunde-werkboeke in Engels of in Afrikaans ontvang.

Handboeke is oor die afgelope drie jaar, 2011 tot 2013, vir alle leerders in Graad 1-12 verskaf en die WKOD sal handboeke aanvul vir skole wat 'n groei in leerdergetalle in 2014 ervaar. Die gebruik van handboeke word deur amptenare ondersteun en gemonitor en deur die moniteringsprogram vir skoolverbetering nagespoor.

'n Nuwe lys van leesstof vir Graad 12 sal oor twee jaar ingefaseer word, naamlik romans en kort stories in 2015; en drama en poësie in 2014. Die WKOD het begroot om twee leesboeke uit die goedgekeurde nasionale Literatuur-katalogus per Graad 12-leerder in 2014 te voorsien.

Die WKOD se riglyne vir norme en standaarde stel voor dat 50% van die totale hulpbrontoekenning aangewend moet word vir die aankope van Leer- en Onderrig-ondersteuningsmateriaal (LOOM), waarvan 10% vir biblioteekmateriaal bestem moet wees. Die riglyne stipuleer verder dat elke leerder 'n handboek vir elke vak moet hê en dat die voorraad van skoolbiblioteekmateriaal jaarliks aangevul moet word totdat die totale aantal boeke die minimum internasionale standaard van tien boeke per leerder reflekteer.

Daar word van elke skool verwag om 'n beleid oor die behoud van handboeke te hê om te verseker dat leerders hul boeke aan die einde van die akademiese jaar terugbesorg sodat dit vir ten minste vier jaar gebruik kan word.

Jaarlikse Nasionale Assessering

Drie stelde voorbeelde is in 2012 aan skole gestuur om onderwysers vertrouwd te maak met die verskillende soorte vrae wat in die JNA's gebruik word. Skole het in 2013 die Assesseringsriglyne ontvang, asook een stel voorbeelde van vrae per graad en vak ten einde leerders vir die JNA voor te berei. Die voorbeelde is ook vir maklike verwysing op die WKOD se webwerf geplaas.

Die 2013 Jaarlikse Nasionale Assessering is deur 615 326 leerders in Graad 1 – 6 en Graad 9 geskryf. Dit was die tweede jaar dat die volle groep Graad 9-leerders getoets is. 1 455 openbare gewone skole, 77 onafhanklike en 19 spesiale behoefte-skole in die Wes-Kaap het aan hierdie nasionale assessering deelgeneem.

Die DBO het 'n eksterne evalueringsagentskap aangestel om 'n steekproef van Graad 3, 6 en 9 antwoordeboeke by 244 geselekteerde skole van die WKOD te modereer. 25 antwoordeboeke van leerders per Graad 3, 6 en 9 is vir die steekproef gebruik en vir eksterne nasiening en moderering ingedien.

Die 2013-uitslae word in onderstaande tabel aangedui:

	WKOD 2013 Taal	Nasionaal 2013 Huistaal	WKOD 2013 Wiskunde	Nasionaal 2013 Wiskunde
Graad 1	65	60	61	60
Graad 2	62	57	62	59
Graad 3	49	42	58	49
Graad 4	54	49	42	37
Graad 5	56	46	40	33
Graad 6	63	64	47	38
Graad 9	50	50	17	13

Daar word voorgestel dat die toetse in 2014 ook deur Graad 7 en 8 geskryf word. Die volle groep leerlinge van Graad 1 – 9 sal dus getoets word. Dieselfde protokol vir nasiening en verifikasie wat in 2013 gebruik is, sal gevolg word.

Infrastruktuur

Die hoofdoelwitte van die WKOD se belegging in infrastruktuur is soos volg:

- Om gepaste akkommodasie vir sinvolle onderrig en leer te verskaf
- Om leerders en onderwysers se veiligheid te verbeter
- Om by te dra tot die voorsiening van Graad R vir gemeenskappe (universele toegang)
- Om die optimale benutting van WKOD-infrastruktuur te konsolideer en verseker
- Om nuwe skole en klaskamers te voorsien waar daar bewys van volgehoue groei is
- Om in infrastruktuur te belê met die doel om die aantal roetes vir leerdervervoer te verminder
- Om te verseker dat elke skool in die provinsie oor die mediumtermyn 'n beter voorkoms het

Konsentrasie op nuwe skole in die onlangse verlede het beteken dat te min leerders die voordeel van die infrastruktuurbegroting geniet het. Daar was gevolglik 'n verskuiwing in begroting na instandhouding by meer skole en daar sal in toekomstige jare 'n toename vanaf 13% van die algehele instandhoudingsbegroting vir 2013/14 na 22% van die begroting in 2014/15 en 30% in 2015/16 wees. Die fokus het ook na vervangingskole verskuif met die doel om alle ongepaste strukture oor die volgende tien jaar te vervang.

Die tabel hieronder toon hoe die infrastruktuurbegroting oor die MTUR toegeken sal word om hierdie doelwitte te bereik.

OPSOMMENDE INFRASTRUKTUURBEGROTING VIR DIE 2014/15; 2015/16 EN 2016/17 MTUR						
Skool – Laer/Sekondêr/Spesiaal; administrasiegebou; water, elektrisiteit; sanitasie/toilet; omheining, ens.	Begroting vir 2014/2015	%	Begroting vir 2015/2016	%	Begroting vir 2016/2017	%
	R'000		R'000		R'000	
Uitbreidingsklaskamers	9,026	1.05	10,731	1.02	20,000	4.97
Opgraderings en toevoegings	28,654	3.34	32,011	3.05	0	0
Skoolsale en sportvelde	40,000	4.67	40,000	3.82	40,000	9.95
Graad R-klaskamers	10,422	1.21	35,110	3.35	40,483	10.07
Kantoorgeboue	5,066	0.59	9,760	0.93	10,000	2.48
Menslike Hulpbronskapasiteit (JDIP/DORA)	4,154	0.48	0	0	0	0
Instandhouding (insluitende UOWP)	191,323	22.35	315,167	30.12	228,000	56.76
Hervestiging van mobiele klaskamers	10,000	1.16	12,300	1.17	50,000	12.44
Nuwe skole	325,300	38.00	456,186	43.59	0	0
Vervangingskole	222,517	25.99	123,473	11.80	13,201	3.28
Skoolmeubels: Nuwe Skole	2,500	0.29	0	0	0	0
Kapasiteitskonsultante/SBL-projekte	7,000	0.81	2,000	0.19	0	0
Skoolsaalprogram	0	0	9600	0.91	0	0
Grooftotaal	855,962	100%	1,046,338	100%	401,684	100%

Die tabel hieronder verskaf 'n uiteensetting van die beplande instandhoudingsprojekte.

Projek	2014/15 R'000	2015/16 R'000	2016/17 R'000
Geskeduleerde instandhouding (insluitende UOWP)	86,323	106,400	195,000
Omheining	1,000	1,000	0
Noodinstandhouding	5,000	7,000	33,000
Instandhouding: Breedte-inisiatief	98,321	200,251	0
Herstelwerk en oorstromingskade	679	516	0
TOEKENNING VIR INSTANDHOUDING	191,323	315,167	228,000

Die tabel hieronder verskaf inligting oor die verskillende areas (programme) van infrastruktuurlewering vir die volgende drie jaar (projekte wat voltooi moet word).

Infrastruktuurprojekte 2014/15 tot 2016/17				
Onderwysdistrik	Nuwe skole	Vervanging-skole²	Geskeduleerde instandhouding	Gr R-klaskamers
Metro-Noord	3	10	56	23
Metro-Sentraal	1	10	55	27
Metro-Suid	3	7	56	18
Metro-Oos	8	4	59	18
Weskus	1	3	38	7
Overberg	3	5	43	6
Kaapse Wynland	5	2	53	28
Eden/Sentraal Karoo	5	3	58	14
Totaal	29	44	418	141

Die uiteensetting van projekte per jaar is soos volg:

Soort program:	2014/15	2015/16	2016/17	Totaal
Nuwe skole	3	18	8	29
Vervangingskole	24	16	4	44
Graad R	54	53	34	141
Instandhouding	130	128	160	418

Al die data oor skole in die provinsie vir die *Nasionale Onderwys Infrastruktuurbestuurstelsel (NOIBS)*-databasis is by die DBO ingedien. Wanneer hierdie data op die NOIBS vasgelê is, sal toekomstige planne daardeur ingelig word. Die gebruik van onderbenutte klaskamers in bestaande skole, optimalisering van koshuise en verligting van oorbevolking in skole is almal hoë prioriteite vir die WKOD.

Die infrastruktuurplanne vir 2014/15 is gegrond op 'n verbeterde ontleding van die aard en trajek van die voorsiening van infrastruktuur. Die Gebruiker-Batebestuursplan (U-AMP) verskaf ruimtelike ontleding van 'n wye verskeidenheid kriteria, asook die assessering van infrastruktuur-behoefte op 'n mikrovlak (sub-areas binne kringe). Die versterkte beplanning is moontlik gemaak deur die ontwikkeling van 'n onderwysinfrastruktuur- geografiese inligtingstelsel (GIS) en 'n nuwe mikro-area assessering- en beplanningsmetodologie.

Terwyl die agterstande in die aantal skole en klaskamers beduidend is, is dit nie so groot soos voorheen gedink is nie. Navorsing, onder beskerming van die Wes-Kaapse Departement van Openbare Werke, oor die lewensiklus-instandhoudingsvereistes van WKOD-skole, toon aan dat daar 'n groter fokus op instandhoudingsvereistes moet wees.

² Dit sluit skole in wat onder die nasionale program "Inisiatief vir Versnelde Ontwikkeling van Skoolinfrastruktuur" vervang word

Gegronde op die assessering van bestaande infrastruktuur, geskatte toekomstige infrastruktuur-behoefte en ander kontekstuele oorwegings, is die belangrikste strategiese fokusse vir die MTUR soos volg:

1. Die WKOD sal oor die volgende 5 tot 10 jaar nuwe skole bou en die fokus op instandhouding versterk.
2. 'n Balans tussen "breedte" van impak en "diepte" van impak ten opsigte van besteding aan infrastruktuur verbeter. Te min leerders vind tans baat by die impak van infrastruktuur-befondsing.
3. Verseker dat elke skool in die provinsie binne 'n drie- tot vyf-jaar raamwerk goed onderhou is.
4. Stel lewensiklus-instandhoudingsbestuur bekend.
5. Skenk aandag aan die ondoeltreffende patrone in die benutting van skoolgeriewe deur 'n proses om gebruike te rasionaliseer en konsolideer.
6. Uitbreiding van fasiliteite wat meer leerders kan akkommodeer. Die druk van inskrywingsyfers word sterk ervaar in baie stedelike gebiede en veral in sekere woonbuurte, wat oorbenutting en oorbevolking tot gevolg het. Sodanige inskrywingsdruk moet as 'n hoë prioriteit aandag geniet – verskeie strategieë moet toegepas word, insluitend: verskuif oortollige leerders na nabygeleë skole waar ruimte beskikbaar is; brei klaskamers uit by die skole wat die druk ervaar of by nabygeleë skole; en bou nuwe skole waar dit nodig is.

Die Departement van Basiese Onderwys het 'n verbintenis aangegaan om deur middel van die Versnelde Skoolinfrastruktuur Ontwikkelingsinisiatief (ASIDI), oor die volgende twee jaar 25 vervangingskole in die Wes-Kaap te finansier. Die fondse sal bykomend tot die WKOD se infrastruktuurbegroting wees. Hierdie program is goed op dreef, met die voltooiing van fase een wat tussen Maart en Oktober 2014 verwag word. Konstruksie van die tweede fase sal in 2014 begin.

Die WKOD poog om te verseker dat elke skool in die provinsie binne 'n drie- tot vyf-jaar raamwerk goed onderhou is. Gebreke soos vensters, graffiti, deure wat nie toemaak nie, toilette wat nie werk nie en algemene degradering is nadelig vir leerders en onderwysers se motivering. Planne om verbeterde infrastruktuur te verseker word omskryf en begroot in die 2014/15 WKOD Gebruikerbatesbestuursplan. Die doel is om 'n beter balans tussen die breedte en diepte van die impak van besteding op infrastruktuur te bereik.

Daar is effense onsekerheid oor die omvang van toekomstige groei van leerdergetalle in die Wes-Kaap en waar die vraag na inskrywing (bestaande asook nuwe) ruimtelik aan die lig sal kom. Dit hou groot implikasies in vir wat die WKOD wel kan bereik sover dit die uitwissing van agterstande betref.

Benewens die vier nasionale fokusse hierbo beskryf, het die WKOD spesifieke strategiese intervensies vir 2014 geïdentifiseer:

Kategorie 1: Pro-behoeftige-beleide

Beleidsopsie 1: Aanvulling van skole in Kwintiel 4 en 5 se norme- en standaardbefondsing en goedkeuring vir 216 skole om geen-fooi skole te word.

Die WKOD het 'n beleidsbesluit geneem om die norme- en standaardbefondsing aan te vul van die Kwintiel 4 en 5 skole waar die som van die skoolfooie plus die norme en standaard minder as die geen-fooi drumpel van R1,059 per leerder vir 2014/15 is. Die skole wat

geïdentifiseer is om aansoek te doen om “geen-fooi skole” te word, het almal skoolfooi van R400 en minder in 2013 gevra. 216 bykomende skole het die geen-fooi status aanvaar.

Beleidsopsie 2: Mobiele gesondheidsklinieke

Die WKOD sal in 2014 'n projek van die Departement van Gesondheid ondersteun om die gehoor, sig, spraak en die ontwikkelingsmylpale van sesjariges in 'n aanvoorprojek van vyf mobiele eenhede te toets.

Beleidsopsie 3: Jeugontwikkeling

Herhaling van 'n graad hou sosio-ekonomiese en opvoedkundige koste vir gemeenskappe en finansiële koste vir die WKOD in. Daar was byvoorbeeld in 2013 'n totaal van 5 538 leerders in Graad 9 wat die graad meer as een keer herhaal het. Die WKOD sal bykomende fondse beskikbaar stel vir die uitbreiding van die huidige Jeugprojek aan 1 000 van hierdie leerders, wat andersins Graad 9 sou herhaal, om in VOO-kolleges of Volwasse-opleidingsentrums geplaas te word.

Die Premier se projek vir bevordering van die jeug (die PAY-projek) is vir matrikulante wat graag werkondervinding in die openbare sektor wil opdoen in een van die dertien regeringsdepartemente van die Wes-Kaapse Regering. Die internskap maak voorsiening vir 'n jaar se mentorskap, werkskadu, praktiese opleiding en vaardigheidsontwikkeling om interns meer geskik vir indiensneming te maak. Die internskap begin op 1 April 2014 en eindig op 30 Maart 2015. Interns wat belangstel om vir die WKOD te werk, sal by 'n laerskool naby hulle tuiste of by die hoofkantoor geplaas word en sal administratiewe en ander skoolondersteunende funksies verrig.

Beleidsopsie 4: Betaling van 100% van fondse betaalbaar aan onafhanklike skole

Die WKOD sal sy toekenning aan lae-fooi onafhanklike skole verhoog. Dit is in ooreenstemming met die nasionale Norme en Standaarde vir Skoolbefondsing.

Kategorie 2: Verbetering van gehalte

Beleidsopsie 5: Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal

Die WKOD sal in 2014 die volgende belegging maak:

- by skole waar die nodige handboeke nie aangekoop is nie, sal die WKOD op 'n rand-vir-rand-basis tot handboeke vir Graad 1-3 bydra;
- verkry handboeke vir Graad 4-5 Natuurwetenskappe en Tegnologie vir diegene wat nie gekoop het nie; en
- verkry die ses leesboeke wat nodig is vir Graad 12 in 2015.

Die items sal dus bestaan uit: handboeke vir elk van die vier vakke in Graad 1-3 en Natuurwetenskappe-handboeke vir Graad 4-6; leesboeke vir Graad 12 in 2015; leesboeke vir Graad 1-3. Die Eenheid vir Nasionale Onderwysevaluering en -ontwikkeling (NEEDU) se 2013-verslag het die toenemende voorsiening van tekste vir die grondslagfase sterk aanbeveel, veral handboeke en lesers.

Beleidsopsie 6: Bevoegdheidstoetse vir alle kandidate op die kortlys vir skoolhoofposte

Ervaring het geleer dat skoolhoofde 'n aansienlike verskil aan die gehalte van onderrig en leer kan maak. Die NEEDU-verslag beveel bevoegdheidstoetse vir skoolhoofde en departements-hoofde aan. Die DBO werk aan bevoegdheidstoetse vir skoolhoofde. Elke kandidaat op die kortlys vir 'n skoolhoofpos in die Wes-Kaap sal vanaf 2014 'n bevoegdheidstoets ondergaan voordat die onderhoudproses begin.

Kategorie 3: Uitbreiding van geleentehede

Beleidsopsie 7: e-administrasie en e-visie

Die WKOD sal in lyn met die provinsiale breëbandprogram en wêreldtendense fondse verskaf as deel van 'n gefaseerde uitbreiding- en ontwikkelingsprogram wat toenemend sal verseker dat alle fasette van e-leer optimaal in skole voorsien word.

Stelsels en ondersteuning vir verbeterde leeruitkomste

Drie vakaturelyste vir opvoeders word vir 2014 beplan. Die nuwe e-werwingstelsel behoort alle aspekte van die werwingsproses te vergemaklik. Poste van skoolhoof sal in elke vakaturelys en op aanvraag geadverteer word. Ten einde stabiliteit van bestuur in skole te maksimeer, sal die proses van die finalisering van aanstelling van skoolhoofde, met 'n minimum oponthoud, steeds prioriteit geniet. Aanstellingskriteria, wat in die advertensie verskyn, sluit die vereiste in dat kandidate vir skoolbestuur bewys moet lewer van verbeterings wat hulle in hul vorige poste aangebring het. Die vakaturelyste sal verseker dat skole tydige aanstellings maak en sodoende 'n gladde oordrag van leierskap met minimale ontwrigting vir skoolonderwys verseker. Skole sal in Augustus 2014 van hulle personeeltoewysing vir 2015 in kennis gestel word sodat beplanning en die opstel van roosters tydig kan plaasvind. Geskeduleerde induksieprogramme sal nuwe werknemers ondersteun. Die inisiatief in 2014 om bevoegdheidstoetse vir alle kandidate op die kortlys vir skoolhoofposte uit te voer, het ten doel om die werwingsproses te versterk.

Die moniteringsprogram om elemente van die Skoolverbeteringsplanne te monitor en ondersteun, sal in 2014 voortduur. Die sleutelfokus is op handboeke, wat bestelling en benutting betref; op skoolbestuur; op die Graad 1- en Graad 9-planne om vordering in hierdie grade te verbeter; op kurrikulumdekking; op administratiewe voortreflikheid deur die skool se SOBIS-inligting by te werk; op fasiliteitsbestuur; op betrokkenheid met ouers en op die vul van vakatures.

Die vroeë inskrywingsprogram vir 2014 het 'n stel goed-gepubliseerde datums gehad vir ouers om hul kinders in te skryf, en distrikskantore het inskrywingskomitees ingestel om ouers tot hulp te wees.

Alle aspekte van skoolgereedheid vir 2015 sal stelselmatig behandel word. Dit sluit fisieke gereedheid asook kurrikulum-, bestuurs- en beheergereedheid en aandag aan skole om sorgsame skole te wees. Die nodige meubels sal by skole afgelewer word voordat hulle in 2015 hul deure oopmaak. Dit sluit die bevoorrading van die nuwe skole in.

Die program van ondersteuning vir Skoolbeheerliggame wat in 2012 verkies is, sal voortduur. Die fokus sal op die rolle en verantwoordelikhede van SBL-lede wees, wat hulle rol in die aanstelling van skoolhoofde en onderwysers insluit. Daar sal 'n sterk fokus op hulle rol in finansiële bestuur wees. Voorbereiding vir die 2014-SBL-verkiesings sal in Januarie 2014 begin en tot Maart 2015 voortduur.

Voor-diens-beurse is aan voornemende onderwysers toegeken, spesifiek in die skaars vakgebiede van Wiskunde, Wetenskap, Tegnologie en die Grondslagfase. Terwyl die studieprogram van beoogde beurshouers ondersteun sal word, sal die WKOD nuwe beurstoekennings opskort as gevolg van die feit dat die nasionale beursprogram Funza Lushaka uitgebrei is en baie goeie voordele aan studente bied. 'n Plan is ontwikkel vir oortollige personeel om geplaas te word en vir die ontplooiing van Funza Lushaka

beurshouers as permanente of afsonderwysers, waar prakties moontlik. Daar bestaan volgehoue pogings in hierdie verband.

Die professionele ontwikkeling van onderwysers en skoolbestuurders is 'n sleutelfokus van die WKOD. Dit sluit 'n reeks kursusse, seminare en konferensies by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) in. Buiten intensiewe twee-week kursusse, bied die KOLI ook verskeie seminare en konferensies oor aktuele kwessies. Benewens die generiese KOLI-opleidingsintervensies, sal van die fokus in 2014 na gelokaliseerde ondersteuningsgroepe verskuif om onderwerpe en spesifieke behoeftes d.m.v. 'n skoolgebaseerde of areagebaseerde program van aanbiedings op distriksvlak te behandel. Die program se sleutelfokus vir 2014 sal op IT-opleiding en die onderrig van leerders met spesiale opvoedkundige behoeftes wees.

In die geval van skoolhoofde, sal daar steeds gefokus word op die voorsiening van groter stabiliteit in skole, asook op die ontwikkeling en ondersteuning van diegene wat onervare is of ekstra mentorskap nodig het, ten einde diegene wat reeds bevoegd is, na 'n volgende vlak te ontwikkel. Alle distrikte hou induksiesessies vir nuwe aanstellings as deel van 'n gestruktureerde induksieprogram. KOLI-kursusse in skoolbestuursopleiding sluit die volgende onderwerpe in: *skoolhoof as bestuurder van die kurrikulum; die rolle en verantwoordelikhede van onderhoofde; die rolle en verantwoordelikhede van departementshoofde, van voornemende skoolhoofde en skoolleiers; die induksie van skoolhoofde en onderhoofde; opleiding van skoolbestuurspanne en bevordering van vroue in bestuur.*

Die toenemende implementering en uitbreiding van Inklusiewe Onderwys; Spesiale Behoeftes-onderwys en IKT-integrasie by leer en onderrig sal gedurende 2014 in die ontwikkelingsplanne vir onderwysers geteiken word.

Suid-Afrikaanse navorsingstukke dui op die negatiewe impak van ontwrigting op leer. Daar is dus 'n sterk klem op die behoorlike aanwending van onderrigure. Hierdie klem word ondersteun deur kwartaallikse verslagdoening oor leerders en onderwysers se afwesigheid en die beleid oor leerderafwesigheid. Daar sal in 2014 volgehoue klem op hierdie sake gelê word.

Ten einde die klem op meer tyd vir onderrig te versterk, is 'n Beplanningskalender in September 2013 aan skole gestuur. Dit sal weer in September 2014 plaasvind.

Stelsels is ook in plek gesit om ontwrigting van onderrigtyd te minimaliseer. Amptenare behoort nie vir onderwysers en skoolhoofde weg van hul poste te roep nie. Skole is in kennis gestel dat daar geen onderbreking in die onderrigprogram mag wees nie.

6 Oorsig van 2014/15-begroting en MTUR-beramings

6.1 Uitgaweberamings

BT ³ 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
Inkomste (R'000)						
Billike aandeel	12,069,418	12,895,350	13,938,019	15,082,339	16,220,440	17,200,305
Voorwaardelike toelaes	1,187,187	1,320,879	1,639,728	1,252,083	1,427,623	787,764
Befondsing deur skenkers	0	0	0	0	0	0
Ander finansiering (Batefinansieringsurplus)	70,630	30,000	50,208	62,295	0	0
Eie inkomste	33,918	41,881	40,830	28,227	29,106	30,648
Totaal	13,361,153	14,288,110	15,668,785	16,424,944	17,677,169	18,018,717
Betalings per program (R'000)						
1. Administrasie	546,995	529,609	582,893	667,415	686,886	692,853
2. Openbare gewone skoolonderwys (sien verdere verdelings hieronder)	9,767,749	10,445,476	11,396,961	12,077,658	12,988,419	13,789,369
3. Subsidies vir onafhanklike skole	63,554	72,697	84,932	90,326	95,204	99,355
4. Openbare spesiale skoolonderwys	754,782	820,101	908,069	1,042,812	1,068,117	1,135,655
5. Verdere Onderwys en Opleiding	534,659	597,523	353,097	377,913	404,802	427,123
6. Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	33,098	36,920	37,912	39,793	41,846	44,129
7. Vroeëkindontwikkeling	339,593	383,894	456,712	522,449	545,030	578,273
8. Infrastruktuurontwikkeling	734,194	750,672	1,147,394	855,962	1,046,338	401,684
9. Hulpdienste en verwante dienste	586,529	651,218	700,815	750,616	800,527	850,276
	13,361,153	14,288,110	15,668,785	16,424,944	17,677,169	18,018,717

³ BT beteken begrotingstabel

BT ⁴ 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
Betalings vir openbare gewone skole (R'000)						
2.1 Openbare laerskole	5,746,930	6,188,314	6,551,958	6,954,710	7,657,901	8,045,916
2.2 Openbare sekondêre skole	3,693,241	3,914,964	4,467,098	4,723,434	4,910,913	5,300,331
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	11,228,034	12,009,898	13,185,544	14,108,602	15,235,473	16,050,873
Vergoeding van werknemers	9,998,317	10,742,371	11,615,643	12,437,572	13,471,348	14,246,330
▶ Opvoeders	8,569,211	9,206,914	9,955,365	10,659,812	11,545,826	12,210,036
▶ Nie-opvoeders	1,429,106	1,535,457	1,660,278	1,777,760	1,925,522	2,036,294
Goedere en dienste en ander lopende betalings	1,229,717	1,267,527	1,569,901	1,671,030	1,764,125	1,804,543
Oordragte en subsidies	1,483,057	1,688,495	1,514,941	1,568,011	1,620,648	1,704,162
Betalings vir kapitale bates	648,020	571,481	950,109	743,767	816,238	258,612
Betalings vir finansiële bates	2,042	18,236	18,191	4,564	4,810	5,070
Totaal	13,361,153	14,288,110	15,668,785	16,424,944	17,677,169	18,018,717

⁴ BT beteken begrotingstabel

ST003	Provinsiale onderwyssektor – Indeling is volgens die posvoorsieningsnorme (2014) uitgevoer				
Programme/Doel van poste	Poste PL1	Poste PL2	Poste PL3	Poste PL4	Totaal
Poste per model versprei	21 556	4 361	1 439	1 529	28 885
Openbare gewone skoolonderwys	20 246	4 117	1 364	1 462	27 189
Openbare laerskole	12 652	2 527	823	1092	17 094
Openbare sekondêre fase	7 594	1 590	541	370	10 095
Openbare spesiale skoolonderwys	1 310	244	75	67	1 696

Bron: Posvoorsieningsmodel 2014 (afgerond)

Berekenings is gegrond op die Posvoorsieningsmodel vir 2010 om stabiliteit by instellings te verseker.

Deel C: Program- en subprogramplanne

1. Program 1: Administrasie

Doel: Om oorkoepelende bestuur van, en steun aan die onderwysstelsel te voorsien ingevolge die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, en ander relevante beleidsbepalings.

Ontleding per program:

Die klem sal in 2014 op verbeterde stelsels wees, wat die streng toepassing van rekeningkundige praktyke en dissiplines insluit, en op behoefte-gebaseerde ondersteuning aan skole.

Steutelfokusareas vir 2014:

- Die belangrikste menslike hulpbrondienste wat deur die WKOD voorsien word, sal die volgende behels: (i) bestuur van die posvoorsieningsproses, met skole wat teen Augustus 2014 ingelig word oor hulle personeeltoewysing vir 2015; (ii) advertering van poste en ondersteuning vir die keuring van hoë-gehalte opvoeders; (iii) bestuur van die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede Weens Swak Gesondheid; (iv) werwing en keuring van bekwame werknemers; (v) vergoedingsbestuur; (vi) plasing van gegradueerdes en oortollige personeel; en (vii) goeie arbeidspraktyke met interne en eksterne rolspelers.
- Wat finansiële bestuur betref, sal aandag daaraan geskenk word om te verseker dat alle verkrygingsprosesse ten volle voldoen aan en fokus op kostedoeltreffendheid en aanspreeklikheid en dat enige areas van belangebotsing uitgewis word.
- Skole sal van 'n gestandaardiseerde aanlyn-hulpmiddel voorsien word waarop hulle die Skoolverbeteringsplan kan vaslê. Dit sal skole in staat stel om hulle akademiese tendense te ondersoek ten einde ingeligte besluite oor verbetering en teikens te neem. Skoolverbeteringsplanne sal by die planne geïnkorporeer word.
- 'n Aantal besigheidsprosesse sal geoutomatiseer word deur die voorsiening van aanlyn-fasiliteite, toegang, meganismes vir verslagdoening en monitering aan skole, distrikte en hoofkantoor-eenhede.
- Ons sal voortgaan om alle aspekte van SOBIS te versterk sodat data betroubaar en bygewerk is.
- Alle afdelings van die WKOD sal nouer aandag skenk aan rekeningkundige praktyke en dissiplines en verkryging ten einde die Ouditeur-Generaal se ouditbevindings te handhaaf of verbeter.
- Heelskoolevaluering (HSE) sal by 120 skole uitgevoer word. Besoeke sal oor drie en vyf dae plaasvind. Spesiale skole en onafhanklike skole sal steeds by die HSE-steekproef ingesluit word. Omvattende individuele skoolverslae sal uitgereik word waarin skole volgens die HSE-graderings gekodeer word. Die bevindings sal in verslae oor goeie praktyk en tendense gedeel word.
- Die institusionele bestuur- en beheerfunksie in distrikte is hersien en geassesseer volgens die bepalinge van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), veral elemente rakende skole se finansiële bestuur. Skole wat ondersteuning met finansiële bestuur benodig, sal geprioritiseerde aandag ontvang. Die klem sal op die ondersteuning van die 216 skole wees wat in geen-fooi skole omskep is, asook die skole waar ondersteuning ten opsigte van finansiële bestuur geïdentifiseer is.
- Distrikpersoneel sal opgelei word oor doeltreffende finansiële beheeromgewings.
- Die implementering van artikel 16A van die Suid-Afrikaanse Skolewet – veral wat die funksies van skoolhoofde betref, sal deurlopend geïmplementeer, gemonitor en geëvalueer word.
- Die WKOD sal die opleiding van SBL'e ingevolge die goedgekeurde 3-jaar opleidingsprogram fasiliteer.

Subprogramme

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys, in lyn met die ministeriële handboek.

Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste

om aan die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie spesifiek op onderwys gerig is nie ten einde beperkte voorsiening vir en die instandhouding van akkommodasie te maak.

Subprogram 1.3: Onderwysbestuur

om onderwysbestuursdienste aan die onderwysstelsel te voorsien

Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te voorsien.

Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)

om 'n Onderwysbestuursinligtingstelsel ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid beskikbaar te stel.

1.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15

Program 1: Strategiese doelwitte	
Strategiese doelwit 1.1	Om menslike en finansiële hulpbronne aan te wend in daardie distrikte en skole wat histories onderbelegging ervaar het en om oorhoofse finansiële en MH-bestuur te verseker.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none">1. Om ondersteuning en adviesdienste in finansiële bestuur te lewer, sodat goeie finansiële jaarstate deur auditbare dokumente gestaaf word en in lyn met Nasionale Tesourie se riglyne is.2. Om dienste in voorsieningskanaalbestuur te lewer sodat die aantal afwykings ten opsigte van wetlike voorskrifte (insluitend kontroles vir begroting-/verkrygingsbestuur) binne aanvaarbare vlakke van nakoming bestuur word.3. Om, na gelang van fondse, skole maksimaal en differensieel van fondse en personeel te voorsien volgens die norme en standaard en geen-fooi status.4. Om distrikte differensieel volgens behoefte van fondse en personeel te voorsien.5. Om te verseker dat skole permanent-aangestelde onderwysers het deur drie vakaturelyste per jaar te publiseer en poste binne drie maande na publikasie te vul.6. Om te verseker dat alle skoolhoofde kennis van hulle personeel-toewysings dra en hulle skoolstrukture, verlofprosesse en arbeid-verhoudingspraktyke tydig bestuur. Alle skole moet voor September van elke jaar hulle toegewese diensstaat ontvang en verseker dat alle vakante poste by die WKOD geregistreer is vir advertering volgens die nasionale en provinsiale riglyne.7. Om te verseker dat ondersteuningspersoneel in lyn met norme en standaard toegeken is en skole bygestaan is met die proses om poste binne drie maande na advertering te vul.8. Om te verseker dat die prestasie-assessering van alle staatsdiensamptenare jaarliks voltooi word.9. Om alle bestuurders by skole op te lei in griewe- en dissiplinêre prosedures en professionele ondersteuning met die bestuur daarvan te bied.

Program 1: Strategiese doelwitte	
Strategiese doelwit 1.2	Om die reaktiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur te fokus op die verbetering van die departement se sakeprosesse en stelsels.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> Om te verseker dat 'n gehalteverbetering-, resultaat-gebaseerde kultuur op alle vlakke van die organisasie gevestig en toegepas word om verbetering van dienslewering te verseker. Om die <i>Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)</i> te handhaaf. <ul style="list-style-type: none"> Ontwikkel en handhaaf inligtingstelsels om vordering na te spoor en monitor. Uitbreiding van die hulpmiddel vir bestuursverslagdoening (EduInfoSearch). Opleiding van bestuur by hoofkantoor en distrikskantore om die verslagdoeningshulpmiddel meer doeltreffend te gebruik. Om die <i>Distrik-Onderwysbestuursinligtingstelsel (DOBIS)</i> te handhaaf. Voorsien distrikte van 'n sentrale bewaarplek vir inligting om sakeprosesse in distrikte te stroomlyn en aanspreeklikheid en verslagdoening te versterk. <i>Diensleweringverbeteringsplan</i> Skenk aandag aan alle uitdagings in dienslewering, veral dié wat in die jaarlikse opnames oor kliëntetevredenheid uitgelig is.
Strategiese doelwit 1.3	Om geteikende bestuursopleiding vir amptenare, lede van skoolbestuurspanne en SBL'e te voorsien.
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> Om toepaslike bestuursopleiding en ontwikkelingsprogramme aan te bied ten einde die kennis, vaardighede en bevoegdheidsvlakke van senior bestuurders van die WKOD voortdurend te ontwikkel. Om toepaslike indiensopleiding en ontwikkelingsgeleenthede vir skoolonderwysers by die Kaapse Onderrig-en-Leierskapinstituut (KOLI) te verskaf. Om induksie-opleiding en ondersteuning aan SBL-lede in lyn met hulle aanstellingsiklus te bied.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwitte	Risiko's	Mitigasie
• ¹⁰ Die totaal is verminder weens die herklassifikasie van drie skole as openbare gewone skole
Jaarlikse Prestasieplan 2014/15 – 2016/17

4.5 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 401	Openbare spesiale skoolonderwys – sleuteltendense					
	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
4.1 Skole	754,782	820,101	908,006	992,416	1,052,264	1,135,654
4.2 Menslike hulpbronontwikkeling	0	0	63	1	1	1
4.3 Voorwaardelike toelaes	0	0	0	50,395	15,852	0
Totaal	754,782	820,101	908,069	1,042,812	1,068,117	1,135,655
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	620,491	677,441	756,837	890,300	909,077	969,088
Vergoeding van werknemers	607,313	668,879	748,777	864,657	881,818	940,110
- Opvoeders	479,777	528,414	591,533	683,079	696,636	742,686
- Nie-opvoeders	127,536	140,465	157,244	181,578	185,182	197,424
Goedere en dienste en ander lopende betalings	13,178	8,562	8,060	25,643	27,259	28,978
Oordragte en subsidies	127,712	131,428	148,260	138,828	144,780	151,537
Betalings vir kapitale bates	6,579	11,232	2,972	13,684	14,260	15,030
Totaal	754,782	820,101	908,069	1,042,812	1,068,117	1,135,655

4.6 Prestasie- en uitgawetendense:

Subprogram 4.1: Skole

Voorsiening vir lewenskoste-aanpassings, beroepspesifieke bedeling, groei in leerdergetalle, inflasie asook vir die uitbreiding van inklusiewe onderwys.

Subprogram 4.3: Voorwaardelike toelaes

Fondse word toegeken om spesifiek met die implementering van die beroepspesifieke bedeling vir terapeute in die onderwyssektor behulpsaam te wees.

5. Program 5: Verdere onderwys en opleiding

Doel: Om verdere onderwys en opleiding (VOO) by openbare VOO-kolleges te voorsien in ooreenstemming met die Wet op Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (Wet 16 van 2006).

Ontleding per program:

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding stel die leweringsvereistes wat in die prestasie-ooreenkoms tussen die President en die Minister weerspieël word. Alle streeks- en kollegeplanne word teen hierdie agtergrond met die DHOO ooreengekom. Die planne erken die verwantskap tussen die regering se Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie III (NVOS III), die Onderwys- en Opleidingsektor se Vaardigheidsplanne (SSP) en hoe dit die ontwerp en implementering van die Programkwalifikasie-mengsel (PQM) van kolleges inlig. Die geïntegreerde VOO-kollegeplanne weerspieël die DHOO se belangrikste fokusareas, naamlik: Uitbreiding, deursigtig, blootstelling aan die werkplek, institusionele kapasiteit en monitering en evaluering.

Die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding is uiteindelik verantwoordelik vir nasionale *Uitkoms 5: 'n Geskoolde en bevoegde werksmag* om 'n inklusiewe groeipad te ondersteun. Die DHOO het onder Uitkoms 5 die volgende vier strategiese doelwitte wat regstreeks betrekking het op die Verdere Onderwys- en Opleidingsektor en wat die grondslag vir beplanning in kolleges vorm:

- Verhoging in die aantal geskoolde jeugdige deur toegang tot onderwys en opleiding vir die jeug uit te brei
- Voldoende kapasiteitsbou van individuele instellings vir die doeltreffende voorsiening of fasilitering van leer
- Toename in die aantal studente wat die werkmark suksesvol na voltooiing van opleiding betree
- 'n Kollege-kurrikulum wat reageer op die eise van die markplek en wat vinnig en doeltreffend by veranderende vaardigheidsbehoefte kan aanpas, met spesiale klem op die opleiding van ambagsmanne

Sleutelfokusareas vir 2014:

Strategiese doelwitte en teikens vir Wes-Kaapse VOO-kolleges vir 2013/14 is:

- Verhoging in die aantal geskoolde jeugdige deur toegang tot onderwys en opleiding soos volg vir die jeug uit te brei:
 - 69 000 koptelling-inskrywings in Verdere Onderwys en Opleiding (VOO)-kollege-programme
 - 22 000 VOO-kollegestudente wat beurse ontvang
 - 4 kolleges wat hoër onderwysprogramme aanbied
 - Toenemende sertifisering in NS(B) en Verslag 191 (veral vir ontvangers van beurse)
- Verhoog teen 2015 toegang tot, en verbeter sukses in, programme wat tot intermediêre en hoë-vak leer lei
- Voldoende personeelvoorsiening vir individuele instellings om doeltreffende voorsiening of fasilitering van leer te verseker:
 - 1 563 personeel in beroepsgerigte onderwys- en opleidingsinstansies opgelei om lewering van die kurrikulum in kolleges te ondersteun
 - 130 personeel in beroepsgerigte onderwys- en opleidingsinstansies opgelei in finansiële bestuur
 - 6 volledig saamgestelde kollegerade
 - 6 kolleges implementeer hersiene menslike hulpbronne- en beplanningsraamwerk

- Toename in die aantal studente wat die werkmark suksesvol betree na voltooiing van opleiding:
 - 5 500 gegradueerdes wat Werk-geïntegreerde Leer ontvang
- 'n Kollege-kurrikulum wat reageer op die eise van die markplek en wat doeltreffend by veranderende vaardigheidsbehoefte kan aanpas, met spesiale klem op die opleiding van ambagsmanne
 - Nuwe programme wat per kollege bekendgestel word, na samesprekings met industrie
 - 60 dosente opgelei om nuwe kurrikulumlewering te ondersteun
 - 6 DHOO-streksamptenare opgelei om kurrikulumlewering te ondersteun
 - 30 dosente, bestuurders van studentsteundienste en streksamptenare opgelei om die omvattende raamwerk vir studentsteundienste te implementeer

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, in oorleg met provinsies, ondersteun die kolleges in hulle operasionele beplanning. Die kollektiewe beplanning vir 2014/15 dui 'n geprojekteerde 1,57% groei in NS(B) en Verslag 181 VOO's en 'n 15,58% groei in beroepsgerigte koptelling aan. Hierdie beplanning fokus grotendeels op die befondsing van Program 5 en beoog verder om verskillende strome van befondsing aan te wend, bv. Nasionale Vaardigheidsfonds- en SETA-programme vir intermediêre en hoë-vlak beroepsgerigte programme.

Die programme van die Nasionale Vaardigheidsfonds by kolleges sal in 2014 voortgaan om ambagsman- en leerderskapprogramme uit te brei, asook vaardigheidsprogramme wat tot volle kwalifikasies lei. Kolleges sal terselfdertyd voortgaan met die kapasiteitsbou van NVF-befondsde personeel en die opgradering van infrastruktuur. Die plaaslike VOO-kollege-eenheid sal in oorleg met kolleges oorkoepelende behoeftes vir kapasiteitsbou onder dosente identifiseer en, waar moontlik, gesamentlik daaraan aandag skenk. In areas waar vak-spesifieke behoeftes geïdentifiseer word, sal die plaaslike Kurrikulumbeplanners vir dosente op kampus- en klaskamervlak met aangepaste materiaal en besoeke ondersteun.

Streng maatreëls vir monitering en evaluering word steeds toegepas. Daar word van kolleges verwag om kwartaalliks oor 'n aansienlike aantal sleutelprestasie-aanwysers verslag te lewer. Inligtingbestuurstelsels en -prosesse speel 'n belangrike rol in hierdie verslagdoening en Wes-Kaapse kolleges benodig steeds volgehoue tegniese en bestuursondersteuning met die implementering van hulle bestuursinligtingstelsels en -prosesse. Op streeksvlak ondersteun amptenare kolleges deur interne assessering te moniteer en oor regstellende stappe advies te lewer, indien nodig. Spesiale aandag word aan Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid geskenk.

Die proses om VOO-kolleges vanaf 'n provinsiale na 'n nasionale bevoegdheid oor te dra, het in Mei 2012 in werking getree. Hoofde van kolleges en onderhoofde is in April 2013 na die diens van die DHOO oorgeplaas. Personeel van die plaaslike VOO-eenheid is in April 2013 gesekondeer en sal in April 2015 na die DHOO oorgeplaas word. Provinsiale en nasionale taakspanne sal in plek bly om die verskuiwing van funksies te bewerkstellig.

Belangrike fokusareas vir die plaaslike eenheid in 2014

- Betaling van personeel in diens van die kollege deur PERSAL
- Oorplasing van bestuurspersoneel van VOO-kolleges na die DHOO afgehandel
- Oorplasing van niebestuurspersoneel na die DHOO afgehandel
- Oorplasing van personeel van die provinsiale Onderwysdepartement na die DHOO afgehandel
- Implementering van die nasionale norme en standaarde vir befondsing van VOO-kolleges

- Implementering van hersiene programkoste vir 2014
- Monitering van ondersteuning aan VOO-kolleges deur provinsiale Onderwysdepartement
- Implementering van 37% betaling in plaas van voordele vir VOO-kolleges

5.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15

Program 5: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 5.1	Doeltreffende ondersteuning vir lewering op Uitkoms 5: 'n Geskoolde en bevoegde werksmag om 'n inklusiewe groeipad te ondersteun
Doelwitverklaring	<ul style="list-style-type: none"> • Om die aantal geskoolde jeugdige deur uitgebreide toegang tot onderwys en opleiding vir die jeug uit te brei • Om voldoende kapasiteit by individuele instellings te bou vir die doeltreffende voorsiening of fasilitering van leer • Om die aantal studente wat die werkmark suksesvol na voltooiing van opleiding betree, te verhoog. • Om 'n kollege-kurrikulum te ontwikkel wat reageer op die eise van die markplek en wat vinnig en doeltreffend by veranderende behoeftes aan vaardighede kan aanpas, met 'n spesiale klem op die opleiding van ambagsmanne

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 1	Risiko's	Mitigasie
Doeltreffende onder-steuning vir lewering op Uitkoms 5: 'n Geskoolde en bevoegde werksmag om 'n inklusiewe groeipad te ondersteun	<ul style="list-style-type: none"> • Onvoldoende Program 5-befondsing om NS(B)- en Verslag 191-inskrywings te verhoog • Onvoldoende infrastruktuur om die aantal inskrywings by alle kolleges beduidend te verhoog • Onvoldoende befondsing vir NSFAS-beurse aan verdienstelike studente • Hoë uitsak- en druipekoers op NS(B) Vlak 2 • Oorplasing van kollegepersoneel van kolleges na die staatsdiens 	<ul style="list-style-type: none"> • Bou sterker verhoudings tussen SETA's en kolleges om kolleges in staat te stel om SETA-befondsde programme te lewer • Moedig kolleges aan om industriebefondsde programme aan te bied • Ondersteun kolleges, waar moontlik, om toegang tot befondsing vir infrastruktuur-ontwikkeling te kry • Kolleges gaan voort om bykomende befondsingsondersteuning te voorsien, bv. vervoer en die afskryf van studente se beursskuld • Implementeer die DHOO se beleid oor bywoning en stiptheid • Ondersteun die DHOO met duidelike, volgehoue kommunikasie t.o.v. aangeleenthede oor personeel se oorplasing

5.2 Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens 2014/15

Geen

5.3 Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15

Programprestasiemaatstawwe vir Program 5	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
PPM 501: Aantal studente wat vir NS(B)-kursusse by VOO-kolleges ingeskryf is	13 778	15 150	16 860	17 080	17 500	17 800
PPM 502: Aantal VOO-kollege NS(B)-studente wat volledige kursusse suksesvol voltooi het	4 587	4 603	7 250	7 800	8 750	8 900

5.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15

Geen

5.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 501	Verdere Onderwys- en Opleiding - sleuteltendense					
	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)*						
5.1 Openbare instellings	534,659	597,523	353,097	377,913	404,802	427,123
Totaal	534,659	597,523	353,097	377,913	404,802	427,123
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	259,553	273,819	304,065	326,184	350,280	369,656
Vergoeding van werknemers	259,553	273,819	304,065	326,184	350,280	369,656
▶ Bestuur	0	0	0	0	0	0
▶ Dosente	219,736	231,814	257,420	276,145	296,545	312,949
▶ Steunpersoneel	39,817	42,005	46,645	50,039	53,735	56,707
Goedere en dienste en ander lopende betalings	0	0	0	0	0	0
Oordragte en subsidies	275,106	323,704	49,032	51,729	54,522	57,467
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0
Totaal	534,659	597,523	353,097	377,913	404,802	427,123

5.6. Prestasie- en uitgawetendense

Subprogram 5.1: Openbare instellings

Voorsiening gemaak vir die lewenskoste-aanpassings.

6. Program 6: Onderwys en opleiding vir volwassenes

Doel: Om onderwys en opleiding vir volwassenes (OOV) te voorsien ingevolge die Wet op Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, Wet 52 van 2000, insluitende die bepalings van die Wysigingswet op Onderwys en Opleiding vir Volwassenes, 2010.

Ontleding per program:

Die klem ten opsigte van hierdie program sal in 2014 op die toename van getalle en gehalteverbetering van die kwalifikasies wees wat deur volwasse leerders verwerf word.

Sleutelfokusareas vir 2014:

- Ondersteun die tegniese proses om Onderwys en Opleiding vir Volwassenes vanaf die provinsiale na die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding oor te dra
- Onderrig sal gebied word ten opsigte van die Senior Sertifikaat (matriek) aan ongeveer 4 700 kandidate wat deur twaalf openbare BOOV-sentrums geregistreer is
- Die WKOD sal sentrums vir volwassenes en kandidate vir die nuwe kwalifikasie voorberei om in 2015 die *Senior Sertifikaat* te vervang
- Geakkrediteerde vaardigheidsprogramme, wat die jeug en werkloses teiken, sal aan 250 werklose volwassenes by Dagbedryfsentrums aangebied word
- Ondersteuning vir die Jeugfokus-projek om alternatiewe onderwysopsies te bied aan diegene wat Graad 9 vir die tweede of derde keer herhaal
- Norme-en-standaardtoekennings sal volgens riglyne gemaak word
- Die WKOD sal onderwysprogramme vir volwassenes aan 500 werknemers van tien provinsiale en nasionale regeringsdepartemente en sake/industrie aanbied
- Beheerliggame van openbare BOOV-sentrums (in 2012 verkies) sal as deel van 'n 3-jaar opleidingsplan opgelei word
- Opleiding in rolle en verantwoordelikhede sal aan alle lede van Verteenwoordigende Leerlingrade voorsien word

Subprogramme

Subprogram 6.1: Openbare sentrums

om spesifieke openbare OOV-terreine van hulpbronne te voorsien

Subprogram 6.2: Subsidies vir private sentrums

om spesifieke private OOV-terreine met subsidies te ondersteun

Subprogram 6.3: Professionele dienste

om opvoeders en studente by openbare OOV-sentrums van departementeel-bestuurde ondersteuningsdienste te voorsien

Subprogram 6.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by openbare OOV-terreine.

6.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15

Program 6: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 6.1	Om steun te verleen aan openbare OOV-sentrumbestuur en beheerstrukture d.m.v. beleidsontwikkeling en strategiese intervensies wat doeltreffende onderwys in leersentrums vir volwassenes fasiliteer; om opvoeders en studente by OOV-terreine van departementeel-bestuurde dienste vir kurrikulumondersteuning te voorsien; en om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van onderwysers en nie-onderwysers
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Verbeter toegang vir volwassenes tot relevante programme. 2. Verlaag die ongeletterdheidskoers onder volwassenes en jeugdiges deur ondersteuningstelsels wat studente met funksionele geletterdheid, gesyferdheid en kommunikasievaardighede sal toerus. 3. Voorsien leer- en onderwys hulpbronne van die hoogste gehalte. 4. Verseker dat programme volgens vraag aangebied word. 5. Bevorder aanpassing en aanvullende verwantskappe tussen OOV-programme en bevoegdheidsgebaseerde opleiding. 6. Fasiliteer samewerking tussen OOV-belanghebbendes, regeringsdepartemente, die private sektor en ander belangegroepes. 7. Verseker dat praktisyns en bestuurders bevoeg is om die nuwe programme wat aangebied word, te implementeer, deur werkwinkels en kurrikulum-versterkende forums te hou. 8. Verhoog die gehalte van onderrig en leer deur opleidingsprogramme vir onderwysers en beroepsvoorligtingsprogramme vir studente aan te bied. 9. Versterk en verryk die kennisbasis van die OOV-kurrikulumadviesdiens deur die betrokkenheid daarvan by nasionale aktiwiteite aan te moedig, en ook deur netwerkaktiwiteite met ander provinsies te bevorder.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 6.1	Risiko's	Mitigasie
Om steun te verleen aan openbare OOV-sentrumbestuur en beheerstrukture d.m.v. beleidsontwikkeling en strategiese intervensies wat doeltreffende onderwys in leersentrums vir volwassenes fasiliteer; om opvoeders en studente by OOV-terreine van departementeelbestuurde dienste vir kurrikulumondersteuning te voorsien; en om voorsiening te maak vir die professionele ontwikkeling van onderwysers en nie-onderwysers	<ul style="list-style-type: none"> • Impak van beleidsveranderinge in die OOV-sektor, insluitend die voorgestelde nuwe institusionele formaat (Gemeenskapskolleges), veranderinge in V1-4 kurrikulum en onsekerheid oor voorgestelde nuwe kwalifikasies vir volwassenes • Gebrek aan befondsing en hulpbronne vir kurrikulumintervensies om opvoeders en instellings te ondersteun. • Gemeenskapsleersentrums bied volle AOO-kwalifikasies, alhoewel hulle die hulpbronne en infrastruktuur ontbreek om dit te doen, wat tot lae slaagkoerse bydra. 	<ul style="list-style-type: none"> • Voortdurende skakeling met die DHOO deur die HEDCOM-subkomitee vir OOV om sake m.b.t. die nuwe beleidsmaatreëls en wat 'n impak op kurrikulumlewering het, te prioriseer. • Gereelde interaksie en kommunikasie met OOV-amptenare en personeel van instellings op 'n "moet-weet"-grondslag • Distrikte sal versoek word om die aanbieding van die kurrikulum by gemeenskapsleersentrums te meet en dit by beskikbare hulpbronne aan te pas.

6.2. Strategiese doelwit- jaarlikse teikens

Geen

6.3. Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens

Programprestasiemaatstawwe vir Program 6	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
PPM 601: Aantal leerders by openbare OOV-sentrums ingeskryf	36 582	32 688	20 106	21 500	23 000	24 500
PPM 602: Aantal opvoeders in diens by openbare OOV-sentrums	1 039	1 379	1 400	1 400	1 400	1 400

6.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens vir 2014/15

Geen

6.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 601	Onderwys en opleiding vir volwassenes – sleuteltendense					
	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
6.1 Openbare sentrums	5,850	7,106	10,363	10,894	11,618	12,299
6.2 Subsidies aan openbare sentrums	27,248	29,814	27,547	28,897	30,226	31,828
6.3 Professionele dienste	0	0	1	1	1	1
6.4 Menslike hulpbronontwikkeling	0	0	1	1	1	1
Totaal	33,098	36,920	37,912	39,793	41,846	44,129
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	5,850	7,106	10,363	10,894	11,618	12,299
Vergoeding van werknemers	5,670	5,853	8,921	9,372	10,013	10,607
▶ Bestuur	0	0	0	0	0	0
▶ Opvoeders	4,309	4,448	6,780	7,122	7,610	8,061
▶ Steunpersoneel	1,361	1,405	2,141	2,250	2,403	2,546

BT 601	Onderwys en opleiding vir volwassenes – sleuteltendense					
	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Goedere en dienste en ander lopende betalings	180	1,253	1,442	1,522	1,605	1,692
Oordragte en subsidies	27,248	29,814	27,549	28,899	30,228	31,830
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0
Totaal	33,098	36,920	37,912	39,793	41,846	44,129

6.6 Prestasie- en uitgawetendense:

Voorsiening gemaak vir lewenskoste-aanpassings asook inflasie.

7. Program 7: Vroeëkindontwikkeling

Doel: Om ingevolge Witskrif 5 Vroeëkindontwikkeling (VKO) op die Graad R-vlak aan te bied.

Ontleding per program:

Die WKOD sal in 2014 fokus op die toenemende voorsiening van gehalte-Graad R by openbare gewone skole en onafhanklike terreine en om te verseker dat diegene wat Graad 1 begin, goed voorberei is vir skool.

Sleutelfokusareas vir 2014:

- Die fokus sal in 2014 op die bevordering van KABV-implementering vir Graad R wees. Graad R-onderwysers sal opgelei word en distrikspersoneel sal praktyk in die klaskamer moniteer.
- WKOD-amptenare sal deur monitering en evaluering op die gehalte van onderwys fokus, wat die doeltreffende benutting van subsidies insluit.
- 17 000 Graad R-leerders in geselekteerde skole is in 2013 vir skoolgereedheid geassesseer. Die uitslae van hierdie assessering sal die fokus van onderwyseropleiding in 2014 inlig.
- 81 nuwe klaskamers (insluitend 31 at deur die ASIDI-program voorsien word) sal in 2014/15 gebou word in areas waar die behoefte die grootste is, gegrond op armoede-indekse, demografiese druk, beskikbaarheid van grond en goeie finansiële bestuur. Inskrywing in hierdie sektor, ter ondersteuning van die geteikende universele inskrywing vir Graad R, sal dus toeneem weens die beskikbaarheid van nuwe klaskamers.
- Alle skole met nuwe klaskamers ontvang befondsing vir meubels en 'n basiese VKO-hulpbronpakket. In 2014 sal daar 130 VKO-stelle aan openbare gewone skole en 20 aan onafhanklike terreine voorsien word.
- In Februarie en Julie 2014 sal nog twee groepe studente aan VOO-kolleges begin studeer om te kwalifiseer as praktisyns in Vroeëkindontwikkeling ten einde emosionele, kognitiewe, gesondheid- en liggaamlike sorg aan leerders tussen 1 en 4 jaar oud te voorsien en 'n stimulerende leeromgewing vir hulle te bied.
- Daarbenewens sal 394 studente opgelei word as VKO-praktisynassistente, befonds deur 'n Voorwaardelike Aansporingstoelaag. Hulle sal die nodige vaardighede en ondervinding op VKO Vlak 1 opdoen ten einde VKO-praktisyns te help om 'n stimulerende omgewing vir 0- tot 4-jariges te skep. Die 12-maande vlak 1-kursus vorm ook die basis van die loopbaanpad vir Graad R-praktisyns
- 1 200 Graad R-leerders in landelike gebiede sal d.m.v. die Leerdervoerskema vervoer word.
- SBL'e en skoolbestuurspanne sal bystand met finansiële bestuur ontvang.

Subprogramme

Subprogram 7.1: Graad R in openbare skole

om aan spesifieke openbare gewone skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R vereis word

Subprogram 7.2: Graad R in gemeenskapsentrums

om bepaalde gemeenskapsentrums op die Graad R-vlak te ondersteun

Subprogram 7.3: Voor-Graad R-opleiding

om opleiding en die betaling van stipendiums aan Voor-Graad R-praktisyns te bied¹¹

¹¹ In sommige ander provinsies word hierdie begroting gebruik om spesifieke terreine te voorsien van hulpbronne wat vir voor-Graad R benodig word

Subprogram 7.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders by VKO-terreine

Subprogram 7.5: Voorwaardelike toelae

om voorsiening te maak vir die Sosiale Sektor- Uitgebreide Openbare Werkeprogram (UOWP) Aansporing vir Provinsies

7.1 Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15

Program 7: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 7.1	<ul style="list-style-type: none">• Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig.• Om die Vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer
Doelwit-verklaring	<p>1. Om te verseker dat Graad R-klasse in 130 openbare en 20 onafhanklike skole jaarliks van basiese binne- en buitemurse stelle voorsien word, wat uit leesboeke, legkaarte, speletjies, musiekinstrumente, matte, buitemurse toerusting en speelgoed met wiele bestaan.</p> <p>2. Om jaarliks fondse opsy te sit vir die toenemende uitbreiding van klaskamers by openbare gewone skole. Dié voorsiening sluit 50 Graad R-klaskamers in. Die besluite aangaande ligging, wat op demografie en behoeftes gegrond is, word in oorleg met die distrikte en die Departement van Vervoer en Openbare Werke geneem.</p> <p>3. Die WKOD koördineer deur die Uitgebreide Openbare Werkeprogram die jaarlikse opleiding van 2000 VKO-praktisyns op VKO Vlak 1, 4 en 5. Die 18-maande VKO-opleiding wat verskaf word, sal VKO-praktisyns met die nodige kennis en vaardighede toerus om emosionele, kognitiewe, liggaamlike en gesondheidsorg en 'n stimulerende leeromgewing aan 0-tot 4-jariges te bied.</p>

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 7.1	Risiko's	Mitigasie
<ul style="list-style-type: none">• Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig.• Om die Vlak 1, 4 en 5 opleiding van VKO-praktisyns te koördineer	<ul style="list-style-type: none">• Ouers versuim om hulle kinders te registreer• Skole is nie bereid of in staat om hulle aanbieding uit te brei om Graad R in te sluit nie, byvoorbeeld in gebiede waar hoë densiteit van die bevolking voorkom• Gehalte van onderwysers• Administratiewe en gehaltemaatreëls ter ondersteuning van VKO-praktisyns se opleiding is 'n las	<ul style="list-style-type: none">• Voorspraak moet voortduur om ouers te bereik• Ondersteuning vir onafhanklike terreine moet voortduur sodat die inskrywingsteikens bereik word en gehalte-onderwys voorsien word• Verseker dat nuutaangestelde personeel goed gekwalifiseer is en bied vaardigheidsontwikkeling vir diegene wat reeds aangestel is• Die parameters van die ondersteuning vir die VKO-praktisyns word noukeurig bepaal sodat die rol bestuurbaar is

7.2. Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens

Geen

7.3. Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens vir 2014/15

Programprestasiemaatstawwe vir Program 7	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraming *	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
▶ PPM701: Aantal leerders in Graad R by openbare skole ingeskryf	50 495	60 158	59 565	61 000	61 500	62 000
▶ PPM702: Aantal openbare skole wat Graad R aanbied	886	963	939	946	950	955
▶ PPM703: Aantal Graad R-praktisyns wat per kwartaal by openbare gewone skole in diens is ¹²						
*Die totale vir die aantal Graad R-leerders en skole in 2011/12 en 2012/13 is ook by die totaal leerders by onafhanklike skole ingesluit. Dit is die rede vir die skynbare daling in inskrywings in 2013/14.						

7.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15

Programprestasiemaatstawwe		Verslag- tydperk	Jaarlikse teiken 2014/2015	Kwartaallikse teikens			
				1 ^{ste}	2 ^{de}	3 ^{de}	4 ^{de}
PPM 703	Aantal Graad R-praktisyns wat per kwartaal by openbare gewone skole in diens is	Kwartaalliks	Nie van toepassing in die Wes-Kaap nie				

¹² Hierdie maatstaf is nie in die Wes-Kaap van toepassing nie Sien ook onder kwartaallikse teikens
Jaarlikse Prestasieplan 2014/15 – 2016/17

7.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT 701	Vroeëkindontwikkeling – sleuteltendense					
	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)*						
7.1 Graad R in openbare skole	198,658	222,465	300,178	358,521	381,465	405,877
7.2 Graad R in gemeenskapsentrums	46,838	43,194	53,550	55,030	58,002	61,134
7.3 Voor-Graad R-opleiding	86,031	101,250	94,932	100,153	105,562	111,261
7.4 Menslike hulpbronontwikkeling	0	0	1	1	1	1
7.5 Voorwaardelike toelaes	8,066	16,985	8,051	8,744	0	0
Totaal	339,593	383,894	456,712	522,449	545,030	578,273
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)*						
Lopende betalings	114,203	100,000	135,811	143,279	148,749	157,816
Vergoeding van werknemers	63,855	64,203	75,478	81,138	86,330	91,856
▶ Opvoeders	63,855	64,203	75,478	81,138	86,330	91,856
▶ Nie-opvoeders	0	0	0	0	0	0
Goedere en dienste en ander lopende betalings	50,348	35,797	60,333	62,141	62,419	65,960
Oordragte en subsidies	225,390	283,894	320,901	379,170	396,281	420,457
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0
Totaal	339,593	383,894	456,712	522,449	545,030	578,273

7.6 Prestasie- en uitgawetendense

Subprogram 7.1 en 7.2: Graad R in openbare skole en gemeenskapsentrums (VKO onafhanklik)

Die basis van befondsing verander van 'n personeelmodel na 'n gesubsidieerde model namate opvoederposte vakant raak. Oordragbetalings word verhoog om universele 5-jaar-oue inskrywing te ondersteun.

Subprogram 7.3: Voor-Graad R-opleiding

Voorsiening gemaak vir die toenemende koste van VKO-leerderskappe.

Subprogram 7.5: Voorwaardelike toelaes

Toename in die Voorwaardelike Toelae-befondsing vir die Sosiale Sektor Uitgebreide Openbare Werkeprogram Aansporingstoelae.

8. Program 8: Infrastruktuurontwikkeling

Doel: Om infrastruktuurfasiliteite vir die administrasie en skole te voorsien en onderhou.

Ontleding per program:

Die fokus vir hierdie program in 2014 sal op instandhouding en op die vervanging en uitbreiding van bestaande fasiliteite wees.

Sleutelfokusareas vir 2014:

- Uitbreiding van die benutting van die GIS-stelsel en ander beplanningstelsels
- Verseker dat infrastruktuurontwikkeling 'n sterker impak op leerders het
- Instandhoudingsprogramme
- Vermindering van agterstande
- Beplanning en konstruksie van nuwe en vervangingsgeboue
- Rasionalisering en konsolidering van die voorsiening van onderwys om maksimum benutting van geboue te verseker
- Aanpassing van die voorsiening vir koshuise, leerdervoerskema en ander infrastruktuur

Subprogramme

Subprogram 8.1: Administrasie

Sluit goedere en dienste in wat vir infrastruktuurontwikkeling en die instandhouding van kantoorgeboue benodig word

Subprogram 8.2: Openbare Gewone Skole

Sluit goedere en dienste in wat vir infrastruktuurontwikkeling en die instandhouding van openbare gewone skole benodig word

Subprogram 8.3: Spesiale skole

Sluit goedere en dienste in wat vir infrastruktuurontwikkeling en die instandhouding van spesiale skole benodig word

Subprogram 8.4: Vroeëkindontwikkeling

Sluit goedere en dienste in wat vir die infrastruktuurontwikkeling en instandhouding van VKO benodig word

8.1. Strategiese doelwitte en risiko's vir 2014/15

Program 8: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 8.1	Om geprioritiseerde, kostedoeltreffende en effektiewe instandhouding van infrastruktuur te verseker en dat skole gebou word om by die belangrikste demografiese tendense te pas
Doelwit-verklaring	<ol style="list-style-type: none">1. Ontwikkel 'n betroubare, omvattende databasis van die vereistes vir instandhouding van skoolinfrastruktuur.2. Prioritiseer intervensies op grond van ingeligte en objektiewe kriteria en akkurate inligtingstelsels.3. Bestuur die bouprogram om die voorsiening van nuwe skole, vervanging van ongepaste strukture, opknapping van klaskamers en voorsiening van nuwe klaskamers en mobiele klaskamers in te sluit ten einde in korttermynvraag te voorsien.4. Wat tekorte in befondsing en 'n verouderde infrastruktuur betref, pas 'n benadering van 'n hiërargie van behoeftes soos volg toe: Herstelwerk aan dakke, strukturele herstelwerk aan geboue, watertoevoer, kragtoevoer, riool- en ablusiegeriewe, slote en gewelplate, plafonne, grensheinings, verfwerk.5. Verrig noodinstandhouding in die geval van natuurrampe, strukturele probleme en vandalisme.

Program 8: Strategiese doelwit

6. Ondersteun skole in daaglikse instandhouding (instandhouding van gronde, skoonmaak, opknappings, herstelwerk en/of vervanging van gedeeltes van skoolgeboue) deur middel van Norme-en-Standaarde-toekenings aan skole.
7. Lewer 'n infrastruktuurbeplanning- en -implementeringsdiens wat verseker dat besluite om skole te bou, op te knap, te sluit of uit te brei op grond van geldige bewyse geneem word en dat leerders geakkommodeer word.

Risiko-oorsig

Strategiese doelwit 8.1	Risiko's	Mitigasie
Om geprioritiseerde, kostedoeltreffende en effektiewe instandhouding van infrastruktuur te verseker en dat skole gebou word om by demografiese tendense te pas	<ul style="list-style-type: none"> • Risiko's gekoppel aan die kompleksiteit van die terrein, die weer, om binne begroting en tydsraamwerke te bly • Benodig voldoende en ervare personeel om teikens te bereik • Voldoende aanpassing tussen vraag en aanbod 	<ul style="list-style-type: none"> • Gebeurlikheidsplanne bestaan wat onderbrekings in aanmerking neem • Verseker dat personeelvoorsiening aan behoeftes voldoen • Verseker dat besluite gegrond is op alle beskikbare data en dat die medium- en langtermynplanne buigsaam genoeg is om druk oor die korttermyn te akkommodeer

8.2 Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens

Geen

8.3 Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15

Programprestasiemaatstawwe vir Program 8	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
PPM801: Aantal openbare gewone skole wat van watertoevoer voorsien moet word	0	0	0	0	0	0
PPM802: Aantal openbare gewone skole wat van kragtoevoer voorsien moet word	0	0	0	0	0	0
PPM803: Aantal openbare gewone skole wat van sanitasiegeriewe voorsien moet word	0	0	0	0	0	0
PPM804: Aantal klaskamers wat in openbare gewone skole gebou moet word	453	293	613	85	495	225
PPM805: Aantal spesialiskamers wat in openbare gewone skole gebou moet word	328	95	165	22	99	57

8.4 Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2014/15

Geen

8.5 Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT801	Infrastruktuurontwikkeling – sleuteltendense					
	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
8.1 Administrasie	0	846	10,500	9,220	9,760	10,000
8.2 Openbare gewone skoolonderwys	658,936	697,686	1,117,815	782,343	933,686	338,000
8.3 Openbare spesiale skoolonderwys	36,790	14,683	7,000	53,977	67,782	13,201
8.4 Vroeëkindontwikkeling	38,468	37,457	12,079	10,422	35,110	40,483
Totaal	734,194	750,672	1,147,394	855,962	1,046,338	401,684
Lopende betalings	147,149	153,028	183,728	202,897	320,167	238,000
Vergoeding van werknemers	0	456	4,471	3,903	0	0
- Opvoeders	0	0	0	0	0	0
- Nie-opvoeders	0	456	4,471	3,903	0	0

BT801	Infrastruktuurontwikkeling – sleuteltendense						
		2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
		Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)							
	Goedere en dienste en ander lopende betalings	147,149	152,572	179,257	198,994	320,167	238,000
	Oordragte en subsidies	3,199	89,818	95,750	0	0	0
	Betalings vir kapitale bates	583,846	507,826	867,916	653,065	726,171	163,684
	Totaal	734,194	750,672	1,147,394	855,962	1,046,338	401,684

BT 802	Openbare laerskole – Sleuteltendense						
		2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
		Werklik	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*							
	Lopende betalings	89,048	66,019	146,397	120,293	192,101	142,800
	Goedere en dienste en ander lopende betalings	89,048	66,019	146,397	120,293	192,101	142,800
	Oordragte en subsidies	1,448	58,308	29,955	0	0	0
	Betalings vir kapitale bates	253,969	326,691	658,887	413,916	361,839	60,000
	Totaal	344,465	451,018	835,239	534,209	553,940	202,800

BT 803	Openbare sekondêre skole – Sleuteltendense						
		2011/12	2012/13	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17
		Werklik	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam
BETALINGS PER EKONOMIESE KLASSIFIKASIE (R'000)*							
	Lopende betalings	50,444	61,320	32,010	78,530	128,066	95,200
	Goedere en dienste en ander lopende betalings	50,444	61,320	32,010	78,530	128,066	95,200
	Oordragte en subsidies	0	31,510	65,795	0	0	0
	Betalings vir kapitale bates	264,027	153,838	184,771	169,604	251,680	40,000
	Totaal	314,471	246,668	282,576	248,134	379,746	135,200

8.6 Prestasie- en uitgawetendense:

Subprogram 8.1: Administrasie

Voorsiening van fondse vir menslike hulpbronskapasiteit, infrastruktuurontwikkeling en instandhouding van kantoorgeboue.

Subprogram 8.2: Openbare gewone skole

Minder voorsiening vir kapitale infrastruktuur by openbare gewone skole weens die inisiatief vir versnelde infrastruktuurontwikkeling wat nie herhaal word nie.

Subprogram 8.3: Spesiale skole

Voorsiening vir toenemende kapitale infrastruktuur by openbare spesiale skole.

Subprogram 8.4: Vroeëkindontwikkeling

Voorsiening vir die aanbou van Graad R-klaskamers by openbare gewone skole.

9. Program 9: Hulpdienste en verwante dienste

Doel: Om onderwysinstellings as 'n geheel van ondersteuning te voorsien.

Ontleding per program:

Die fokus vir hierdie program in 2014 sal op die verdere versterking van die eksamenstelsel wees.

Sleutfokusareas vir 2014:

- Die WKOD sal die vyf belangrike eksterne eksamens administreer: die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in Oktober/November 2014; die Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende Eksamen in Februarie/Maart 2015; die Senior Sertifikaat-eksamen (ou sillabus) in Mei/Junie 2014; en die BOOV Vlak 4-eksamen in Mei/Junie en Oktober 2014.
- Die WKOD sal streng sekuriteitsmaatreëls en kontrolestelsels gedurende die druk-, verpakking- en verspreidingsproses verseker.
- Skoolhoofde en hooftoesighouers sal opgelei word om die eksamens te bestuur en administreer volgens die *Regulasies vir die Gedrag, Administrasie en Bestuur van Assessering vir die Nasionale Senior Sertifikaat*.
- Die WKOD sal die Jaarlikse Nasionale Assesserings in ooreenstemming met DBO-vereistes administreer.
- Verbeter die gehalte en betroubaarheid van skoolgebaseerde assessering
- Amptenare sal verdere opleiding ontvang in die toepassing van die reëls wat die vordering of bevordering van leerders aan die einde van 'n skooljaar reguleer.
- Die fondse vir die Werkplekvaardigheidsplan ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling sal aangewend word om die doelwitte van die WKOD te ondersteun.

Subprogramme

Subprogram 9.1: Betalings aan SETA

om ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling menslike hulpbronontwikkeling vir werknemers te voorsien

Subprogram 9.2: Professionele dienste

om opvoeders en leerders in skole van departementeel-bestuurde steundienste te voorsien

Subprogram 9.3: Eksterne eksamens

om vir departementeel-bestuurde eksamendienste voorsiening te maak

Subprogram 9.4: Voorwaardelike toelae

om voorsiening te maak vir die MIV en Vigs-toelae (opvoeding in Lewensvaardighede)

Subprogram 9.5: Spesiale projekte

om voorsiening te maak vir jeugontwikkeling by Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges en Openbare Onderwys- en Opleidingsterreine vir Volwassenes en internskap

9.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2014/15

Program 9: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 9.1	Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en om leer te ondersteun
Doelwit-verklaring	<p>1. Om te verseker dat skole en eksamensentrums die nodige eksamen- en assesseringsbeleid korrek en konsekwent toepas ten einde die geloofwaardigheid van die algehele eksaminering- en assesseringstelsel te versterk.</p> <p>2. Om te verseker dat skoolgebaseerde assesseringspunte geldig en betroubaar is.</p> <p>3. Om leerderprestasie in alle skole te ondersteun deur kwantitatiewe en kwalitatiewe data deur middel van verslae oor eksamens en ander assesserings te verskaf, asook deur geïdentifiseerde skole, leersentrums vir volwassenes en hul leerders vir hul prestasie te beloon.</p>

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 9.1	Risiko's	Mitigasie
Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en om leer te ondersteun	<ul style="list-style-type: none"> • Oneweredige toepassing van interne standaarde in assessering • Sekuriteitsrisiko's met die verspreiding van vraestelle • Nasieners met onvoldoende of ongepaste kwalifikasies en ervaring 	<ul style="list-style-type: none"> • Bied moderering en opleiding aan om te verseker dat standaarde eweredig toegepas word • Nakoming van streng veiligheidsprosedures • Doeltreffende en tydige keuring van nasieners

Programprestasie-aanwysers vir Program 9	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
9.1. % van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal*	30%	39%	37%	42%	44%	46%
9.2. % van leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal*	47%	52%	55%	60%	62%	64%
9.3. % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal*	32%	37%	30%	37%	40%	43%
9.4. % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal*	23%	26%	28%	33%	35%	37%
9.5. % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Taal behaal het *	44%	48%	48%	50%	52%	54%
9.6. % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in Wiskunde behaal*	10%	14%	14%	20%	23%	25%
9.7. Skole met 'n slaagkoers met <60% wat die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het	30	26	23	10	5	0
9.8. Nasionale Senior Sertifikaat-slaagkoers	82.9%	82.8%	85.1%	88.6%	88%	88%
9.9. % van leerders wat vir studies om 'n B-graad kwalifiseer	38.1%	36.5%	40.9%	42%	43%	44%

*Hierdie telling is in WKOD-toetse behaal

9.2. Strategiese doelwit- kwartaallikse teikens

Geen

9.3. Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2014/15

Programprestasiemaatstawwe vir Program 9	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam
▶ PPM 901: Aantal leerders in Graad 12 wat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS) geskryf het	39 988	44 700	47 636	48 500	55 000	51 000
▶ PPM 902: Aantal kandidate wat die Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het	33 146	36 992	40 558	43 000	48 400	44 880
▶ PPM 903: Aantal leerders wat toegang tot studies vir die B-graad in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) behaal het	15 214	16 319	19 477	20 400	23 650	22 440
▶ PPM 904: Aantal leerders wat Wiskunde in die NSS-eksamen geslaag het	9 820	11 311	11 500	13 200	16 910	16 230
▶ PPM 905: Aantal leerders wat Natuurwetenskap in die NSS-eksamen geslaag het	7 137	7 995	8 333	8 300	10 220	9 680
▶ PPM 906: Aantal Graad 3-leerders wat Taal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	NvT	52 531	44 660	47 550	51 250	51 750
▶ PPM 907: Aantal Graad 3-leerders wat Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	NvT	35 294	53 171	57 130	61 390	61 990
▶ PPM 908: Aantal Graad 6-leerders wat Taal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	NvT	30 252	44 549	45 455	48 630	51 990
▶ PPM 909: Aantal Graad 6-leerders wat Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	NvT	14 406	27 396	28 860	31 910	34 400
▶ PPM 910: Aantal Graad 9-leerders wat Taal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	NvT	28 997	26 175	26 565	32 805	34 920
▶ PPM 911: Aantal Graad 9-leerders wat Wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) geslaag het	NvT	3 751	5 291	7 390	9 950	12 900

9.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallike teikens 2014/15

Geen

9.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

BT901	Hulpdienste en verwante dienste – sleuteltendense					
	2011/12 Werklik	2012/13 Werklik	2013/14 Beraam	2014/15 Beraam	2015/16 Beraam	2015/16 Beraam
Betalings per subprogram (R'000)						
9.1 Betalings aan SETA	5,256	5,524	5,811	6,096	6,376	6,714
9.2 Professionele dienste	449,597	480,815	495,608	531,203	566,774	604,734
9.3 Eksterne eksamens	112,742	136,242	137,217	147,103	156,559	166,629
9.4 Voorwaardelike toelae-projekte	14,088	16,552	18,501	17,077	20,297	19,666
9.5 Spesiale projekte	4,846	12,085	43,678	49,137	50,521	52,533
Totaal	586,529	651,218	700,815	750,616	800,527	850,276
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	552,033	614,525	638,569	685,145	732,840	779,658
Vergoeding van werknemers	462,662	500,598	527,211	569,928	609,112	651,008
- Opvoeders	235,958	255,305	268,878	290,663	310,647	332,014
- Nie-opvoeders	226,704	245,293	258,333	279,265	298,465	318,994
Goedere en dienste en ander lopende betalings	89,371	113,927	111,358	115,217	123,728	128,650
Oordragte en subsidies	16,579	14,605	48,452	50,919	52,350	54,454
Betalings vir kapitale bates	17,917	22,088	13,794	14,552	15,337	16,164
Totaal	586,529	651,218	700,815	750,616	800,527	850,276

9.6. Prestasie- en uitgawetendense:

Subprogram 9.3: Eksterne eksamens

Voorsiening word vir lewenskoste-aanpassings asook inflasie gemaak.

Subprogram 9.4: Voorwaardelike toelae-projekte

Toename in die MIV/Vigs- voorwaardelike toelae.

Subprogram 9.5: Spesiale projekte

Voorsiening vir jeugontwikkeling by Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (VOO) en Onderwys- en Opleidingsterreine vir Volwassenes (OOV) asook vir internskappe.

Deel D: Koppels met Ander Planne

10. Koppels met die langtermyn-infrastruktuur- en ander kapitaalplanne¹³

Tabel A.4 Opsomming van besonderhede oor uitgawes vir infrastruktuur per kategorie														
Nr.	Kategorieë	Streek/distrik	Munisipaliteit	Soort infrastruktuur		Duur van projek		Totale projek-koste R'000	Uitgawe tot hede van vorige jare R'000	MTUR-vooruitskattings				
				Skool – Laer/Sekondêr/Spesiaal; administrasiegebou; water, elektrisiteit; sanitasie/toilet; omheining, ens.	Huidige projek-stadium	Datum: Begin Aant. 1	Datum: Eindig Aant. 2			Totaal beskikbaar	Totaal beskikbaar	Totaal beskikbaar		
										Hoofbegroting 2014/15	Hoofbegroting 2015/16	Hoofbegroting 2016/17		
										R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1. NUWE EN VERVANGINGSBATES														
Eie fondse (bestuur deur DTPW)														
1	Brackenfell HS	Metro-Oos	Stad Kaapstad	Nuwe Sekondêr	Konstruksie	06-Jun-13	03-Sep-14	42,000	11,000	31 000	-	-		
2	Bonnievale Laerskool	Kaapse Wynland	Langeberg	Ongepaste strukture - Laer	Ontwerp	01-Apr-14	01-Aug-15	40,000	4,000	14,000	20,000	-		
3	Buck Road Laerskool	Metro-Suid	Stad Kaapstad	Ongepaste strukture - Laer	Tender	01-Jul-13	31-Aug-15	39,141	11,814	19,026	8,301	-		
4	Concordia SS	Eden en Sentraal Karoo	Knysna	Nuwe Sekondêr	Ontwerp	01-Apr-14	30-Jul-15	45,000	6,422	4 000	12,861	-		
5	Crestway HS	Metro-Suid	Stad Kaapstad	Ongepaste strukture - Sekondêr	Lewensvatbaarheid	01-Mar-17	31-May-18	53 000	-	-	-	-		
6	Delft HS	Metro-Noord	Stad Kaapstad	Nuwe Sekondêr	Lewensvatbaarheid	01-Sep-16	31-Okt-17	50 000	-	-	-	-		
7	Gugulethu HS	Metro-Sentraal	Stad Kaapstad	Nuwe Sekondêr	Lewensvatbaarheid	01-Sep-16	31-Okt-17	25 000	-	-	-	-		
8	Hazendal LS	Metro-Sentraal	Stad Kaapstad	Ongepaste strukture - Laer	Tender	03-Sep-13	16-Sep-15	36,000	8,900	16,100	8,000	-		
9	Itsitsa LS	Metro-Noord	Stad Kaapstad	Ongepaste strukture - Laer	Konstruksie	11-Jan-12	16-Jul-14	40,000	24,335	12,665	-	-		
10	Kranshoek Laer	Eden en Sentraal Karoo	Bitou	Nuwe Laer	Tender	01-Feb-14	01-Apr-15	40,000	4,030	4,000	31,970	-		
11	Kwanakuthula Laerskool	Eden en Sentraal Karoo	Bitou	Nuwe Laer	Tender	01-Feb-14	30-Jan-16	40,000	3,000	9,000	12,000	-		
12	Masakhane LS	Overberg	Overstrand	Nuwe Laer	Tender	26-Jul-13	31-Aug-15	38,000	13,042	20,551	2,407	-		
13	Naliekamva LS	Metro-Noord	Stad Kaapstad	Ongepaste strukture - Laer	Konstruksie	31-Mei-12	30-Jun-15	43,600	7,300	33,380	2,920	-		
14	Ocean View LSOB	Metro-Suid	Stad Kaapstad	Ongepaste strukture - LSOB	Lewensvatbaarheid	01-Sep-16	31-Okt-17	15,000	-	1,500	-	13,201		
15	Saldanha LS	Weskus	Saldanha-baai	Nuwe Laer	Lewensvatbaarheid	01-Sep-16	31-Okt-17	45,000	-	-	-	-		
16	Swellendam LS	Overberg	Swellendam	Nuwe Laer	Tender	01-Dec-13	28-Feb-15	40,000	3,194	19,681	16,125	-		

